Dienste	<p style="text-align: center;">Artikel 22</p> <p>De Ouderlinghen sullen door het oordeel des Kercken-Raets ende der Diakenen vercoren worden : Soo dat het na de ghelegentheyt van een yeder Kercke vry sal zijn / soo veel Ouderlinghen alsser van noode zijn de Ghemeente voor te stellen / om van die selve (ten ware datter eenigh beletsel voor-viele) gheapprobeert ende goet ghekent zijnde / met openbare Ghebeden ende stipulation bevestight te worden : ofte een dobbel getal / om het halve deel by der Ghemeente vercoren te worden / ende opde selve wijze inden Dienst te bevestigen / volgende het formulier daer van zijnde.</p>	<p style="text-align: center;">Artikel 22</p> <p>Die ouderlinge sal deur die oordeel van die kerkraad en die diakens verkies word; sodat daar na die omstandighede van elke kerk vryheid sal wees om soveel ouderlinge as wat daar nodig is aan die gemeente voor te stel, om hulle – teen wie daar geen beletsel voorgeval het nie – wat goedgekeur en welbekend is, met openbare gebede en stipulasies bevestig te word; - of 'n dubbele getal, om die helfte daarvan by die gemeente verkies te word, en op dieselfde wyse in die diens te bevestig, volgens die formulier vir hierdie doel.</p>	<p style="text-align: center;">Wesentlik dieselfde</p>	<p style="text-align: center;">Artikel 22</p> <p>Die ouderlinge word deur die gemeente onder die leiding van die kerkraad verkies volgens die reëling wat daarvoor plaaslik in gebruik of deur die kerkraad vasgestel is. By hierdie reëling staan dit elke kerkraad vry om vooraf aan die gemeentede geleentheid te gee om die aandag op geskikte persone te vestig en om saam met die diakens vir die verkiesing die nodige aantal ouderlinge aan die gemeente vir approbasie voor te dra of om tweetalle of 'n dubbele getal te stel waaruit die gemeente die nodige aantal kies. Die verkose broeders word, nadat hulle name verskillende male afgekondig is en geen wettige beswaar ingekom het nie, bevestig volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is.</p>

Afdeling	Kerkorde Dordrecht 1619	Afrikaanse vertaling	verskil	Kerkorde GKSA 2000
Dienste	<p style="text-align: center;">Artikel 23</p> <p>Der Ouderlinghen Ampt is / behalven 't ghene dat boven / Artijckel sestien / geseyt is / hen met den Dienaer des Woords gemeyn te zijn / opsicht te hebben dat de Dienaren / mitsgaders hare ander medehulpers ende Diakenen hare Ampt getrouwelijcken bedienen / ende de besoeckinghe te doen / naer dat de geleghentheyte des tijds ende der plaetsen / tot stichtinghe der Ghemeente soo voor als naer het Nachtmal can lijden / om bysonder de Lidtmaten der Ghemeenten te vertroosten ende te onderwijzen / ende oock andere tot de Christelijcke Religie te</p>	<p style="text-align: center;">Artikel 23</p> <p>Die ouderlinge se amp is, behalwe dit wat bo in artikel sestien gesê is, om saam met die bedienaar van die Woord toesig te hou, dat die predikante saam met hulle ander medehelpers en diakens hulle ampte getrou bedien, en om besoeke te doen na gelang die omstandighede van tyd en plek tot stigting van die gemeente, sowel voor as na die Nagmaal, om veral die lidmate van die gemeente te vertroos en te onderrig, en oock ander tot die Christelike Godsdiens te vermaan.</p>	<p style="text-align: center;">Wesentlik dieselfde</p>	<p style="text-align: center;">Artikel 23</p> <p>Die amp van die ouderlinge is, benewens dit wat hulle gemeenskaplik saam met die bedienaar van die Woord moet doen soos in artikel 16 neergelê, oock om toesig te hou dat bedienaars van die Woord, hulle mede-ouderlinge en die diakens hulle ampte getrou bedien; verder om huisbesoek te doen tot stigting van die gemeente soos die omstandighede van tyd en plek dit toelaat, sowel voor as na nagmaal, om die lidmate veral te vertroos en te onderrig en om oock ander tot die Christelike Godsdiens op te wek.</p>

Afdeling	Kerkorde Dordrecht 1619	Afrikaanse vertaling	verskil	Kerkorde GKSA 2000
	vermanen.			
Dienste	<p>Artikel 24</p> <p>De selve wyse die vande Ouderlingen gheseyt is / salmen oock onderhouden inde Verkiesinghe / approbatie ende bevestinghe der Diakenen.</p>	<p>Artikel 24</p> <p>Dieselfde wyse as wat van die ouderlinge gesê is sal mens ook onderhou in die verkiesing, approbasie en bevestiging van die diakens.</p>	<p>Wesentlik dieselfde</p>	<p>Artikel 24</p> <p>Wat gebruiklik is in die geval van die ouderlinge, moet ook onderhou word by die verkiesing, goedkeuring en bevestiging van die diakens.</p>
Dienste	<p>Artikel 25</p> <p>Der Diakenen eygen Ampt is / de Aelmoessen ende ander Armen-goederen neerstelijck te versamelen / ende de selve ghetrouwelijcken en vlijtighlijck naer den eysch der behoefighen / beyde der Inghesetenê ende vreemden met ghemeyn advijs uyt te</p>	<p>Artikel 25</p> <p>Die eintlike amp van die diakens is om die aalmoese en ander goedere vir die armes nougeset in te samel, en dit getrou en vlytig, volgens die eis van hulle behoeftes aan sowel die huisgenote en vreemdelinge, met gesamentlike oorleg/advies uit te deel, die wat verslae is te besoek en te vertroos, en goed toe te sien, dat</p>	<p>Die eerste gedeelte Wesentlik dieselfde, die GKSA het 'n toevoeging gemaak wat baie sinryk en eksegeties verantwoord is. Dit sou egter verkeerd wees as die GKSA se tweede helfte heeltemal die eerste deel vervang het.</p>	<p>Artikel 25</p> <p>Die eintlike amp van die diakens is om die liefdesgawes in geld en goedere wat aan die armes gegee word, nougeset te versamel en dit met gesamentlike oorleg getrou en vlytig uit te deel volgens die eis van die behoefte aan sowel die behoefighes in die gemeente as aan ander; en verder om die wat in nood is te besoek en te</p>
28				

Afdeling	Kerkorde Dordrecht 1619	Afrikaanse vertaling	verskil	Kerkorde GKSA 2000
	<p>deelen / de benauden te besoecken ende te vertroosten / ende wel toe te sien dat de Aelmoessen niet misbruyckt en worden / waer van sy rekeninge sullen doen inden Kercken-Raet / ende oock (soo yemandt daer by wil zijn) voor der Gemeenten / tot sulcken tijdt als het de Kercken-Raet goet vinden sal.</p>	<p>die gawes nie misbruik word nie, waarvan hulle rekenskap sal doen in die kerkraad, en ook - indien iemand daar by wil wees - vir die gemeente, op so 'n tyd as wat die kerkraad dit goed vind.</p>		<p>vertroos en om goed toe te sien dat die gawes nie misbruik word nie. Die diakens moet in die kerkraad verslag doen van hulle werksaamhede en, indien verlang, ook voor die gemeente wanneer die kerkraad dit geskik ag.</p> <p>Die amp van die diakens is om sorg te dra dat die gemeente hulle eenheid in Christus in daadwerklike onderlinge liefde beoefen. Hulle opdrag is om almal in die gemeente te besoek en uit die Skrif toe te rus en aan te spoor tot daadwerklike liefde teenoor almal, in besonder teenoor die medegelowiges; verder sien hulle toe dat niemand om watter rede ook al van die geloofsgemeenskap vervreem raak nie. Die liefdesgawes moet sorgvuldig ingesamel, met wysheid bestee en met vertroosting uit die Skrif uitgedeel word. Die diakens doen in die kerkraad verslag van hulle werksaamhede en, indien verlang, ook voor die gemeente soos wat die</p>

Afdeling	Kerkorde Dordrecht 1619	Afrikaanse vertaling	verskil	Kerkorde GKSA 2000
				<p>kerkraad dit geskik ag.</p> <p>(Hierdie artikel is deur die Nasionale Sinode van 1997 verander, maar dit is nog nie deur die Algemene Sinode goedgekeur nie)</p>
Dienste	<p>Artikel 26</p> <p>De Diakenen sullen ter plaetse daer Huys-zitte-Meesters ofte andere Aelmoesseniers zijn / op de selve begeerê goede Correspondentie met hen te willen houden / ten eynde de Aelmoessen te beter uytghedeelt moghen worden onder de ghene die meest ghebreck hebben.</p>	<p>Artikel 26</p> <p>Die diakens sal op plekke waar tehuse of ander instellings wat aan behoefdiges hulp verleen is, versoek om goeie korrespondensie met hulle te onderhou, sodat die gawes des te beter uitgedeel kan word onder diegene wat die meeste gebrek het.</p>	<p>Wesentlik dieselfde</p>	<p>Artikel 26</p> <p>Die diakens moet ander liggame of instellings wat aan behoefdiges hulp verleen, versoek om met hulle oorleg te pleeg sodat die gawes des te beter uitgedeel kan word onder die wat die meeste gebrek het.</p>
30				

Afdeling	Kerkorde Dordrecht 1619	Afrikaanse vertaling	verskil	Kerkorde GKSA 2000
Dienste	<p style="text-align: center;">Artikel 27</p> <p>De Ouderlinghen ende Diakenen sullen twee Jaren dienen / ende alle Jaer sal het halve deel verandert / ende andere in de plaetse gestelt werden / ten ware dat de gheleghentheydt ende t'proffijit van eenighe Kercken anders vereyschte.</p>	<p style="text-align: center;">Artikel 27</p> <p>Die ouderlinge en diakens sal twee jaar dien, en elke jaar sal die helfte van hulle uittree, en ander in hulle plek gestel word, behalwe as die omstandighede en die voordeel van enige kerk dit anders vereis.</p>	<p>Wesentlik dieselfde. Dordt stel egter as reeling vas dat die dienstydyperk twee jaar is en dat dit slegs verander by wyse van uitsondering as die omstandighede dit vereis. Dordt is meer korrek.</p>	<p style="text-align: center;">Artikel 27</p> <p>Die dienstyd van ouderlinge en diakens word deur die kerkraad gereël soos hy tot die meeste stigting van die kerk ag. By periodieke aftreding na minstens twee jare diens of meer, moet 'n eweredige deel jaarliks aftree.</p>
Dienste	<p style="text-align: center;">Artikel 28</p> <p>Ghelijck het Ampt der Christelijcke Overheden is / den H. Kercken-dienst in alle manieren te bevorderen / den selven met haer exempel den</p>	<p style="text-align: center;">Artikel 28</p> <p>Soos dit die amp van christelike regerings is om die heilige kerkdienst op alle maniere te bevorder, met sy voorbeeld die onderdane te regeer en aan die predikante, ouderlinge en</p>	<p>Wesentlik dieselfde .. tog is die artikel deur die GKSA sinryk aangepas om in tred te wees met die huidige verh tussen kerk en owerheid.</p>	<p style="text-align: center;">Artikel 28</p> <p>Soos dit die plig van die owerhede as instellings van God is om aan die kerk en sy ampsdraers hulp en beskerming te bied, so is dit die plig van alle predikante, ouderlinge en diakens om</p>

Afdeling	Kerkorde Dordrecht 1619	Afrikaanse vertaling	verskil	Kerkorde GKSA 2000
	<p>onderdanen te recommanderen / eñ den Predicanten / Ouderlingen eñ Diaconen in alle voorvallende noodt de hant te biedê / ende by hare goede ordeningen te beschermen ; Alsoo zijn alle Predicantê / Ouderlinghen ende Diaconen schuldigh de gantsche Gemeente vlijtighlijck eñ oprechtighlijck in te scherpen de ghehoorsaemheyt / liefde eñ eerbiedinghe die sy den Magistraten schuldigh zijn : ende zullen alle Kerckelijcke persoonen met haer goet exempel in desen de Ghemeente voor gaen / ende door behoerlijck respect eñ correspondentie / de gunst der Overheden tot de Kercken zoecken te verwecken ende te behouden : ten eynde een</p>	<p>diakens in alle noodsituasies die hand te bied en met goeie orde te beskerm, so is alle predikante, ouderlinge en diakens ook verskuldig om die hele gemeente ywerig en opreg hulle gehoorsaamheid, liefde en eerbied, wat hulle aan die magistrate verskuldig is in te skerp; Verder sal alle kerklike persone met hul goeie voorbeeld die gemeente voorgaan, en deur behoerlik respek [en korrespondensie] die guns van die regerings tot die kerke seek, opwek en behou; sodat elkeen deur te werk vir die wedersydse welsyn in die vrees van die Here, en alle agterdog en wantroue voorkom kan word en ware eendrag tot die welsyn van die kerke onderhou kan word.</p>		<p>die gehoorsaamheid en eerbied wat aan die owerheid verskuldig is, getrou en ywerig by die gemeente in te skerp en hulle moet trag om in die vrees van die Here, die guns van die owerheid jeens die kerke op te wek en te behou in belang van die kerke. Dit is ook die plig van die kerklike vergaderings om korrespondensie met die owerheid te onderhou om die nodige medewerking van die owerheid te verkry en in voorkomende gevalle as kerk van Christus voor die owerheid te getuig.</p>

Afdeling	Kerkorde Dordrecht 1619	Afrikaanse vertaling	verskil	Kerkorde GKSA 2000
	<p>yeder het zijne in des Heerê vreese / aen wederzijden doende / alle achterdencken eñ wantrouwen moge werden voorgecomê / eñ goede eendracht tot der Kercken welstant onderhouden.</p>			
<p>Kerklike Vergaderings</p>	<p>Artikel 29</p> <p>Vierderley Kerckelijcke t'samen-comstê sullen onderhouden worden / de Kercken-Raet / de Classicale vergaderinghen / de particuliere Synodus / ende de Generale ofte Nationale.</p>	<p>Artikel 29</p> <p>Vierderlei kerklike vergaderings sal onderhou word: die kerkraad, die klassikale vergaderings, die partikuliere sinode, en die algemene of nasionale sinode.</p>	<p>Wesentlik dieselfde.</p>	<p>Artikel 29</p> <p>Kerklike vergaderings wat onderhou word, is: kerkraad, klassis, partikuliere sinode, nasionale sinode en algemene sinode.</p>
<p>33</p>				

Afdeling	Kerkorde Dordrecht 1619	Afrikaanse vertaling	verskil	Kerkorde GKSA 2000
Kerklike Vergaderings	<p data-bbox="414 255 548 295">Artikel 30</p> <p data-bbox="280 375 672 917">In dese t'samen-comstê sullen geen ander dan Kerckelijcke saecken / ende t'selfde op Kerckelijcke wijze gehandelt worden. In meerder vergaderinge salmen niet handelen / dan 'tgeen dat in mindere niet en heeft afgehandelt connen werden / ofte dat tot de Kercken der meerder vergaderinge int gemeyn behoort.</p>	<p data-bbox="862 255 996 295">Artikel 30</p> <p data-bbox="694 375 1153 869">In hierdie vergaderings sal niks anders nie as kerklike sake, en hulle op kerklike wyse behandel word. In meerdere vergaderings sal nie oor sake gehandel word anders as daardie wat nie in mindere vergaderings afgehandel kan word nie, of daardie sake wat tot die kerke van die meerdere vergadering gemeenskaplik behoort.</p>	<p data-bbox="1176 383 1635 510">Wesentlik dieselfde. Dordt bepaal egter dat in wese slegs sake wat die kerke gemeenskaplik raak by meerdere vergaderings tuishoort.</p>	<p data-bbox="1825 255 1960 295">Artikel 30</p> <p data-bbox="1646 359 2139 718">Kerklike vergaderings moet alleen kerklike sake en dit op kerklike wyse behandel. Op meerdere vergaderings moet alleen sake behandel word wat nie in mindere vergaderings afgehandel kan word nie of sake wat by die meerdere vergaderings tuishoort.</p>
Kerklike Vergaderings	<p data-bbox="414 989 548 1029">Artikel 31</p> <p data-bbox="280 1109 672 1332">Soo yemant hem beclaeght deur de uytspreecke der minder Vergaderinghe veronghelijckt te zijne / die selve sal hem tot een meerder</p>	<p data-bbox="862 989 996 1029">Artikel 31</p> <p data-bbox="694 1109 1153 1332">Indien iemand 'n klagte het dat hy deur die uitspraak van die mindere vergadering verongelyk is, mag hy hom op 'n meerdere kerklike</p>	<p data-bbox="1176 1117 1635 1212">Belangrike verskil – Dordt maak eerstens voorsiening vir appelsake en daarna hoedat oor die appelsake besluit word.</p> <p data-bbox="1176 1244 1635 1340">Die GKSA maak besluitneming vir besluite oor die algemeen primer – en daarna appelsake as 'n stertjie..</p>	<p data-bbox="1825 989 1960 1029">Artikel 31</p> <p data-bbox="1646 1109 2139 1332">Wat op 'n kerklike vergadering met meerderheid van stemme besluit is, moet as vas en bindend beskou word, tensy bewys word dat dit in stryd is met Gods Woord of die artikels van</p>

Afdeling	Kerkorde Dordrecht 1619	Afrikaanse vertaling	verskil	Kerkorde GKSA 2000
	<p>Kerckelijcke vergaderinghe beroepen moghen : ende 'tghene door de meeste stemmen goet ghevonden is / sal voor vast ende bondigh ghehouden werden. Ten sy dattet bewesen worde te strijden teghen het Woort Gods / ofte teghen de Artijckulen in desen Generalen Synodo besloten / soo langhe als de selve door geen ander Generale Synode verandert zijn.</p>	<p>vergadering beroep; en wat dan deur die meeste stemme goedgevind word, sal vir vas en bindend gehou word, tensy dit bewys kan word dat dit stry teen die Woord van God, of teen die artikels wat in hierdie algemene sinode besluit is Indien hulle nie deur 'n ander algemene sinode verander is nie.</p>	<p>dis beter om by die oorspronklike artikel van Dordt te bly. Dan sal besluitneming oor alle ander sake hoofsaaklik deur art 30 bepaal word, naamlik 'op kerklike wyse.'</p>	<p>die Kerkorde. As iemand egter 'n klagte het dat hy deur die uitspraak van die mindere vergadering verongelyk is, kan hy hom op 'n meerdere vergadering beroep.</p>
<p>Kerklike Vergaderings</p>	<p>Artikel 32</p> <p>De handelinghen allert'samen-comsten sullen met aenroepinghe des Naems Gods aenghevanghen / ende met een dancksegginghe besloten worden.</p>	<p>Artikel 32</p> <p>Die handelinghe van alle vergaderings sal met aanroeping van die Naam van God begin, en met danksegging gesluit word.</p>	<p>Wesentlik dieselfde</p>	<p>Artikel 32</p> <p>Alle vergaderinge moet met aanroeping van die Naam van God geopen en met danksegging gesluit word.</p>

Afdeling	Kerkorde Dordrecht 1619	Afrikaanse vertaling	verskil	Kerkorde GKSA 2000
Kerklike Vergaderings	<p data-bbox="414 255 548 295">Artikel 33</p> <p data-bbox="280 375 660 734">Die tot de t'samen-comste afghesonden worden / sullen hare Credentz-brieven ende instructien / onderteeckent zijnde vanden ghenen diese senden mede-bringhen / ende dese zullen alleene keurstemmen hebben.</p>	<p data-bbox="862 255 996 295">Artikel 33</p> <p data-bbox="694 375 1142 686">Die wat na die meerdere vergaderings gestuur word, sal hulle krediensiebriewe en opdragte, onderteken deur diegene wat hulle stuur, saambring; en hulle alleen sal keurstem hê.</p>	<p data-bbox="1176 383 1624 478">Wesentlik dieselfde. Toevoeging van die GKSA redaksie stem ooreen met Dort art 42 se slotfrase.</p>	<p data-bbox="1836 255 1971 295">Artikel 33</p> <p data-bbox="1646 375 2150 686">Die afgevaardigdes na die meerdere vergaderinge moet hulle geloofsbriewe en opdragte saambring, onderteken deur die wat hulle stuur; en elke afgevaardigde sal 'n keurstem hê, behalwe in sake wat sy eie persoon of kerk in die besonder aangaan.</p>
Kerklike Vergaderings	<p data-bbox="414 805 548 845">Artikel 34</p> <p data-bbox="280 941 660 1212">In allen t'samen-comsten sal by den Praeses een Scriba ghevoeght werden / om neerstelick op te schrijven 'tghene waerdigh is opgeteeckent te zijn.</p>	<p data-bbox="862 805 996 845">Artikel 34</p> <p data-bbox="694 941 1142 1157">In alle vergaderings sal by die voorsitter 'n skriba gevoeg word, om noukeurig op te skryf wat nodig is om opgeteken te word.</p>	<p data-bbox="1176 933 1400 965">Wesentlik dieselfde</p>	<p data-bbox="1803 805 1937 845">Artikel 34</p> <p data-bbox="1646 925 2105 1101">In alle vergaderinge moet by die praeses 'n skriba gevoeg word om noukeurig op te skrywe wat noodsaaklik opgeteken moet word.</p>

Afdeling	Kerkorde Dordrecht 1619	Afrikaanse vertaling	verskil	Kerkorde GKSA 2000
Kerklike Vergaderings	<p>Artikel 35</p> <p>Het Ampt vanden Praeses is / voor te stellen ende te verclaren 'tgene te handelen is / toe te sien dat een yeghelijck zijn ordre houde in't spreken : Den knibbelachtighen ende die te heftigh zijn int spreecken / te bevelen datse swijghen. Ende over de selve geen gehoor ghevende / de behoerlijcke Censure te laten gaen. Voort sal zijn Ampt uytgaen / wanneer die t'samen-comste scheydet.</p>	<p>Artikel 35</p> <p>Die amp van die voorsitter is om voor te stel en te verduidelik wat behandel moet word, toe te sien dat elkeen ordelik op sy beurt praat, die knibbelagtiges en die wat te heftig praat te beveel dat hulle swyg; en indien hulle geen gehoor gee nie, die gepaste sensuur uit te oefen. Voorts sal sy amp ophou wanneer die samekoms beëindig.</p>	<p>Wesentlik dieselfde</p>	<p>Artikel 35</p> <p>Op meerdere vergaderinge presideer 'n bedienaar van die Woord en die werk van die praeses is om voor te dra en te verduidelik wat behandel moet word, toe te sien dat elkeen op sy beurt spreek, om die wat redetwis en alte heftig spreek die swye op te lê en as hulle geen gehoor gee nie, die gepaste sensuur oor hulle uit te oefen. Sy amp hou op as die vergadering beëindig is.</p>
Kerklike Vergaderings	<p>Artikel 36</p> <p>t' Selfde segghen heeft de Classis over den Kercken-Raet / 'twelck de particuliere Synode heeft over de Classe /</p>	<p>Artikel 36</p> <p>Dieselfde seggenskap het die klassis oor die kerkraad, wat die partikuliere sinode het oor die</p>	<p>Wesentlik dieselfde</p>	<p>Artikel 36</p> <p>Dieselfde seggenskap het die klassis oor die kerkraad wat die partikuliere sinode oor die klassis, die nasionale sinode oor die partikuliere sinode en</p>

Afdeling	Kerkorde Dordrecht 1619	Afrikaanse vertaling	verskil	Kerkorde GKSA 2000
	ende de Generale Synode over de particuliere.	klassis en die algemene sinode oor die partikuliere sinode het.		die algemene sinode oor die nasionale sinode het.
Kerklike Vergaderings	<p style="text-align: center;">Artikel 37</p> <p>In allen Kercken sal een Kercken-Raet zijn / bestaende uyt Dienaren des Woords ende Ouderlinghen / de welcke ten minsten alle weke eens t'samen comen zullen / al-waer den Dienaer des Woords (ofte Dienaren / soo daer meer zijn) by ghebeurte presiderê ende die Actie regeren sal. Eñ sal oock de Magistraet vande plaetse respectivelijck / indient haer ghelieft / een ofte twee vanden haren / wesende Lidmaten der Ghemeente / by den Kercken-Raet moghen hebben / om te aenhooren ende mede vande voor-vallende saecken</p>	<p style="text-align: center;">Artikel 37</p> <p>In alle kerke sal 'n kerkraad wees wat bestaan uit die bedienaar/s van die Woord en ouderlinge, wat ten minste elke week eenmaal saam sal kom, waar die bedienaar van die Woord - of dienaars om die beurt indien daar meer as een is- sal voorgaan en die aksie regeer. [En sal ook die magistraat van die spesifieke plek, indien dit hul geval, waar een of twee van hulle bestaande uit lidmate van die gemeente is, by die kerkraad mag hê om die sake aan te hoor en insette te gee.]</p>	<p style="text-align: center;">Artikel 37</p> <p>Wesentlik dieselfde. Dordt orden die minimum frekwensie van vergaderings as weekliks. Die GKSA redaksie het die laaste gedeelte uitgesluit weens die veranderde verhouding tussen kerk en owerheid.</p>	<p style="text-align: center;">Artikel 37</p> <p>In alle kerke moet 'n kerkraad wees wat bestaan uit die bedienaar(s) van die Woord en die ouderlinge, wat gereeld vergader onder voorsitterskap van die bedienaar van die Woord of die bedienaars om die beurt as daar meer as een is.</p>
38				

Afdeling	Kerkorde Dordrecht 1619	Afrikaanse vertaling	verskil	Kerkorde GKSA 2000
	te delibereren.			
Kerklike Vergaderings	Artikel 38 Wel-verstaende dat inde plaetsen daer den Kercken-Raet vā nieus is op te rechten / 'tselfde niet en geschiede / dā met advijs vande Classe. Ende daer 'tghetal vandē Ouderlinghē seer cleyn is / sullē de Diakenē mede tot den Kercken-Raet mogen ghenomen worden.	Artikel 38 Dit moet goed verstaan word dat in die plekke waar die kerkraad van nuuts af ingestel word, dit nie geskied sonder advies van die klassis nie. En waar die getal van die ouderlinge baie klein is, sal die diakens mede by die kerkeraad geneem mag word.	Wesentlik dieselfde. GKSA redaksie het egter 'n verpligting toegevoeg in geval die ouderlinge minder as 3 is.	Artikel 38 Waar 'n kerkraad vir die eerste maal of opnuut ingestel word, moet dit geskied met advies van die klassis. As die aantal ouderlinge klein is, kan die diakens deur plaaslike reëling by die kerkraad gereken word; dit moet egter altyd gedoen word waar die aantal ouderlinge minder as drie is.
Kerklike Vergaderings	Artikel 39 In die plaetsen daer noch geen Kercken-raet en is / sal middelertijdt by de Classe ghedaen worden 'tghene anders den Kercken-Raedt nae uyt-wijsen dezer Kercken-	Artikel 39 In die plekke waar nog geen kerkraad is nie, sal in die tussentyd die klassis die werk doen wat andersins deur die kerkraad gedoen sou word ooreenkomstig hierdie kerkorde.	Wesentlik dieselfde; Beide orden dat die klassis verantwoordelikheid opneem as daar geen kerkraad is nie, die GKSA gaan nog een tree verder deur te bepaal dat die wyse waarop die klssis te werk gaan is om so 'n gemeente onder die sorg van 'n naburige kerkraad te stel. Laasgenoemde is inderdaad meer korrek, aangesien die klassis nie 'n kontinuerende en permanent-	Artikel 39 Plekke waar nog geen kerkraad kan wees nie, moet deur die klassis onder die sorg van 'n naburige kerkraad gestel word.

Afdeling	Kerkorde Dordrecht 1619	Afrikaanse vertaling	verskil	Kerkorde GKSA 2000
	ordeninghe opgheleyt is te doen.		gevestigde vergadering is nie.	
Kerklike Vergaderings	<p>Artikel. 40</p> <p>Insgelijcx sullen de Diaconen alle weken t'samen comen / om met aenroepinge des Naems Gods vande saecken harê Ampte betreffende te handelen / daer toe die Dienaren goede opsicht sullen nemen / ende des noot zijnde haer daer by laten vinden.</p>	<p>Artikel 40</p> <p>Net so sal die diakens elke week saamkom, om met die aanroeping van die Naam van God te handel oor die sake wat hul amp aanbetref; waarby die bedienaar/s van die Woord goeie toesig sal hou, en indien nodig, daarby teenwoordig sal wees.</p>	<p>Wesentlik dieselfde Dordt bepaal die frekwensie van vergaderings meer spesifiek as weekliks.</p>	<p>Artikel. 40</p> <p>Die diakens moet gereeld saamkom om met die aanroeping van die Naam van God te handel oor die sake wat hulle amp aanbetref en die bedienaar van die Woord moet daarvoor goed toesig hou en, indien nodig, daarby teenwoordig wees.</p>
Kerklike Vergaderings	<p>Artikel 41</p> <p>De Classicale Vergaderinghen sullen bestaen uyt ghenabuerde Kercken / de welke elck eenê Dienaer en eenen Ouderlingh ter plaetse en tijde</p>	<p>Artikel 41</p> <p>Die klassikale vergaderings sal bestaan uit naburige kerke, wat elk 'n dienaar van die Woord en 'n ouderling met behoorlike kredensie afvaardig, om saam te kom op sodanige plek en tyd as wat die</p>	<p>Wesentlik dieselfde Dordt het egter 'n sinryke ekstra reeling toegevoeg, naamlik dat 'n aangewese VDM 'n kort preek moet lewer vir evaluasie deur die res.</p>	<p>Artikel 41</p> <p>Die klassis is 'n vergadering van naburige kerke wat elkeen 'n bedienaar van die Woord en 'n ouderling of, waar nie 'n bedienaar is nie, twee ouderlinge afvaardig. Die</p>

Afdeling	Kerkorde Dordrecht 1619	Afrikaanse vertaling	verskil	Kerkorde GKSA 2000
	<p>by hen / int scheyden van elcke Vergaderinghe goet gevonden (soo nochtans / datmen't boven de drie maendê niet uyt en stelle) daer henen met behoorlijcke Credentie af-veerdigen sullen / in welcke t'samencomstê de Dienaers by gebeurte / ofte andersins die vande selfde Vergaderinge vercoren wort / presiderê sullen / so nochtans dat d'selve tweemaal aen een niet en sal moghen vercoren worden. Voort sal de Praeses onder anderen eenen yegelijcken af-vraghen / of sy in hare Kerckê / hare Kercken-Raedts vergaderinge houden : Of de Kerckelijcke Discipline geoeffent wort : of de Armê ende Schoolen besorgt worden : Ten</p>	<p>vorige vergadering goed gevind het, (so verstaan dat dit nie met meer as drie maande uitgestel word nie). In hierdie vergaderings sal die bedienaars van die Woord om die beurt voorsit, of andersins sal dieselfde vergadering een verkies wat voorsit; Nogtans mag dieselfde woordbedenaar nie twee maal na mekaar toegelaat om verkies te word nie. Voorts sal die voorsitter onder andere aan elkeen vra of hulle in hulle kerke hulle kerkraadsvergaderings hou; of die kerklike dissipline toegepas word; of die armes en skole versorg word; ten laaste, of daar iets is, waarin hulle die oordeel en die hulp van klassis tot die korrekte bestuur van hulle kerk benodig. Die woordbedenaar, wat deur die vorige klassis aangewys is sal 'n kort preek uit God se Woord lewer, wat deur die ander beoordeel sal word, en sal uitwys indien daar iets in ontbreek. Ten laaste, sal in die laaste vergadering voor die partikuliere sinode die (afgevaardigdes) verkies word, wat na hierdie sinode toe sal gaan.</p>		<p>plek en die tyd van die volgende vergadering word deur die vorige vergadering bepaal [en dit mag nie meer as drie maande uitgestel word nie]*. Op hierdie vergadering moet die bedienaars van die Woord om die beurt presideer of anders die een wat deur die vergadering gekies word, maar dieselfde bedenaar mag nie op twee agtereenvolgende vergaderinge gekies word nie. Die praeses moet onder andere vra of die kerke kerkraadsvergaderings hou, of die kerklike tug uitgeoefen word, of die armes en die skole versorg word en of daar iets is waarin 'n kerk die oordeel en die hulp van die klassis vir sy regte bestuur nodig het. Op die laaste vergadering voor die partikuliere sinode moet die afgevaardigdes na hierdie sinode gekies word.</p> <hr/> <p>* Hierdie gedeelte is verander deur die</p>

Afdeling	Kerkorde Dordrecht 1619	Afrikaanse vertaling	verskil	Kerkorde GKSA 2000
	<p>laetsten / ofter yet is / daer inne sy het oordeel eñ hulpe der Classe tot rechte instllinghe harer Kercke behoeven. De Dienaer dien 't inde voorgaende Classe opgheleyt was / sal een corte Predicatie uyt Gods Woordt doen / van welcke die andere oordelen / eñ soo daer yet in ontbreeckt / aenwysen sullen. Ten laetsten / zullen inde leste vergaderinge voor den particulieren Synode vercoren werden / die op den selven Synodum gaen zullen.</p>			<p>Nasionale Sinode 1997, en moet nog goedgekeur word deur die Algemene Sinode</p>
<p>Kerklike Vergaderings</p>	<p>Artikel 42</p> <p>Daer in een plaetse meer Predicanten zijn als een / zullen die altesamen in de Classe moghen verschijnen eñ</p>	<p>Artikel 42</p> <p>Waar in 'n plek/kerk meer as een predikant is, mag hulle almal die klassis bywoon en keurstemme hê, behalwe in</p>	<p>Daar is verskil.. Dordt gee aan addisionele predikante ook keurstem, GKSA gee aan hulle slegs adviserende stem.</p>	<p>Artikel. 42</p> <p>Waar in 'n kerk meer as een bedienaar van die Woord is, kan ook die wat nie volgens die bogenoemde artikel afgevaardig is nie, in die klassis</p>
<p>42</p>				

Afdeling	Kerkorde Dordrecht 1619	Afrikaanse vertaling	verskil	Kerkorde GKSA 2000
	keur-stemmen hebben / ten ware in saken / die hare persoonen ofte Kercken int bysonder aengaen.	sake, wat hulle persone of kerke in die besonder aangaan.		teenwoordig wees met adviserende stem.
Kerklike Vergaderings	Artikel 43 Int eynde vande Classicale en andere meerder t'samen-comstê / salmen Censuere houden over de ghene die yet straf-waerdighs inde vergaderinghe ghedaen / ofte de vermaninghen der minder t'samen-comsten versmadet hbben.	Artikel 43 Aan die einde van die klassikale en ander meerdere vergaderings moet sensuur beoefen word oordiegene wat iets strafwaardigs in die vergadering gedoen, of die vermaning van die mindere vergaderings verontagsaam het.	Wesentlik dieselfde	Artikel 43 Aan die einde van die klassikale en ander meerdere vergaderings moet sensuur uitgeoefen word oordie wat iets tugwaardigs in die vergadering gedoen of die vermaning van die mindere samekomste verontagsaam het.
Kerklike Vergaderings	Artikel 44 Sal oock de Classis eenighe harer Dienaren / ten minsten twee van de outste / ervarenst / ende geschichtste autorisern / om in alle Kerckê / vande steden soo wel	Artikel 44 Die klassis sal ook enkele van sy bedienaars van die Woord, ten minste twee van die oudste, mees ervare en geskikte, benoem om in al die kerke van die stede sowel as van die	Baie dieselfde. GKSA is redaksioneel gewysig ooreenkomstig plaaslike omstandighede, veral t.o.v. onderwysers en skole. Siende die skole situasie in SA drasties versleg het, behoort die nota oor skole weer terug gebring te word.	Artikel 44 Die klassis moet minstens twee van die oudste, mees ervare en geskikte bedienaars van die Woord as visitatore benoem om in alle kerke van die klassis gereeld kerkvisitasie te hou, vas te stel of die ampsdraers hulle

Afdeling	Kerkorde Dordrecht 1619	Afrikaanse vertaling	verskil	Kerkorde GKSA 2000
	<p>als van het platte lant / alle jaer visitatie te doen / ende toe te sien / oft de Leeraers Kercken-raden ende School-meesters haer ampt trouwelijk waernemen / by de zuyverheyte der leere verblyven / d'aengenomene ordre in alles onderhouden / ende de stichtinge der Gemeente / mitsgaders der jongher jeught / na behooren / soo veel haer moghelijck is / met woorden ende wercken bevorderen: ten eynde sy de ghene die nalatigh in d'een oft d'ander bevonden worden / in tijds moghen broederlijk vermanen / ende met raedt ende daedt alles tot vrede / opbouwinghe / ende t' meeste profijt der Kercken / ende Schoolen helpen dirigeren. Ende sal yeder Classis deze</p>	<p>platteland elke jaar visitasie te doen en toe te sien, of die leeraars, kerkrade en onderwysers hul ampsdienste getrou waarneem, by die suiwerheid van leer bly, die aangenomene orde in alles onderhou, en die stigting van die gemeente, saam met van die jonger jeug na behore, sover moontlik, met woorde en werke bevorder, teneinde diegene wat nalatig in die een of die ander bevind word, betyds broederlik te vermaan, en met raad en daad alles tot die vrede en opbou en wat tot die meeste voordeel van die kerke en skole is te help help reël. Verder sal elke klassis hierdie visitatore mag laat kontinueer in hulle bediening vir so lank as wat hy goeddunk, tensy die visitatore self, om redes waaroor die</p>	<p>Die nota oor die opdrag vd Classis vir voortgesette visitasie by Dordt, lyk ook sinryk te wees.</p>	<p>ampte getrou waarneem, by die suiwerheid van die leer bly, die Kerkorde in alles onderhou, die stigting van die gemeente en onderwys van die jeug behoorlik na hulle vermoë bevorder, sodat hulle diegene wat nalatig in een of ander bevind word, betyds broederlik kan vermaan en met raad en daad alles kan help reël wat bevorderlik is vir die vrede, die opbou en belange van die kerk.</p>

Afdeling	Kerkorde Dordrecht 1619	Afrikaanse vertaling	verskil	Kerkorde GKSA 2000
	<p>Visitatoren mogen continueren in hare bedieninghe / soo langhe het haer sal goet duncken / ten ware dat de Visitatores selve om redenen / vande welcke de Classis oordeelen sal / versochten ontslagen te werden.</p>	<p>klassis sal oordeel, versoek om onthef te word.</p>		
<p>Kerklike Vergaderings</p>	<p>Artikel 45</p> <p>De Kercke in de welcke de Classis / Item de particuliere ofte Generale Synode t'samen comt / sal sorgte dragen datse de Acten der voorgaende vergaderinghe opde naestcomende bestelle.</p>	<p>Artikel 45</p> <p>Die kerk waarin die klassis, asook die partikuliere of algemene sinode saamkom, sal sorg, dat hulle die acta/notule van die vorige vergadering, op die volgende beskikbaar stel.</p>	<p>Wesentlik dieselfde. Die GKSA se uitbreiding t.o.v benoeming van roepende kerke blyk sinvol te wees.</p>	<p>Artikel 45</p> <p>Elke meerdere vergadering benoem 'n korresponderende kerkraad of deputate vir korrespondensie wat alle stukke en dokumente van die vergadering ontvang en bewaar en sy handeling op die volgende vergadering besorg. Eweneens benoem elke meerdere vergadering 'n roepende kerkraad om die volgende vergadering op te roep en te ontvang op die vasgestelde tyd en plek of anders op die tyd en plek wat die</p>
<p>45</p>				

Afdeling	Kerkorde Dordrecht 1619	Afrikaanse vertaling	verskil	Kerkorde GKSA 2000
				roepende kerkraad in die geval van die partikuliere sinode, volgens advies van sy klassis en in die geval van die algemene sinode, volgens advies van sy partikuliere sinode, bepaal.
Kerklike Vergaderings	<p data-bbox="414 478 548 510">Artikel 46</p> <p data-bbox="280 598 672 1101">De instructien der dingen die in de meerdere vergaderingen te handelen zijn / sullen niet eer geschreven worden / voor dat die besluytingen der voorgaende Synoden ghelesen zijn / op dat t'gene eens afgehandelt is / niet wederom voor gesteld en worde / ten ware dat men yet achtete verandert te moeten zijn.</p>	<p data-bbox="862 478 996 510">Artikel 46</p> <p data-bbox="694 598 1164 1053">Die agendastukke/instruksies van die sake wat in meerdere vergaderings behandel moet word, sal nie opgestel word, voordat die besluite van die vorige sinodes nagegaan is nie, sodat wat eenmaal afgehandel is, nie weer voorgestel word nie, tensy dit noodsaaklik geag word dat iets verander moet word.</p>	<p data-bbox="1176 606 1388 638">Wesentlik dieselfde</p>	<p data-bbox="1836 478 1971 510">Artikel 46</p> <p data-bbox="1657 582 2128 989">Sake vir behandeling op meerdere vergaderings moet nie opgestel word voordat die besluite van die voorgaende sinodes oor die voorgestelde punte nagegaan is nie, sodat wat eenmaal afgehandel is, nie weer voorgestel word nie tensy dit noodsaaklik geag word om iets te verander.</p>
Kerklike Vergaderings	<p data-bbox="414 1300 548 1332">Artikel 47</p>	<p data-bbox="862 1300 996 1332">Artikel 47</p>		<p data-bbox="1836 1300 1971 1332">Artikel 47</p>

Afdeling	Kerkorde Dordrecht 1619	Afrikaanse vertaling	verskil	Kerkorde GKSA 2000
	<p>Alle Jaers (ten ware dat den noot eenen corteren tijdt vereyschte) sullen vier ofte vijf / ofte meer naghe-buerde Classis te samen comen / tot welcke particuliere Synode uyt yder Classe twee Dienaers ende twee Ouderlingen afgevaerdicht sullen werden. Int scheyden soo wel des particulierê als des Generalen Synode sal een Kercke verordent worden / die last hebben sal / om met advijs des Classis den tijt eñ plaetse des naesten Synodi te stellen.</p>	<p>Elke jaar – (tensy die nood 'n korter tyd vereis) - sal vier of vyf, of meer genabuurde klassisse vergader as 'n partikuliere sinode waartoe uit elke klassis twee bedienaars van die Woord en twee ouderlinge afgevaardig sal word. By die afsluiting van sowel die partikuliere asook die algemene sinode sal 'n kerk aangewys word, om met advies van die klassis vas te stel wat die tyd en die plek van die volgende sinode moet wees.</p>	<p>Wesentlik dieselfde. Dordt is meer spesifiek wat sekere sake (aantal klassisse, aantal afgevaardigdes en die aanwysing van 'n roepende kerkraad) betref. Die praktyke daarvan word egter in die GKSA ingesluit.</p>	<p>Die partikuliere sinode is 'n vergadering van naburige klassisse waarheen elke klassis 'n gelyke aantal bedienaars van die Woord en ouderlinge afvaardig soos deur die partikuliere sinodes bepaal. Die partikuliere sinode vergader jaarliks tensy dit na die oordeel van minstens twee klassisse noodsaaklik geag word om 'n buitengewone vergadering byeen te roep.</p>
Kerklike Vergaderings	Artikel 48	Artikel 48	Wesentlik dieselfde	Artikel 48
	<p>Het sal yeghelijcken Synodo vry staen / correspondentie te soecken ende te houden met</p>	<p>Dit sal elke sinode vrystaan om korrespondensie te versoek en te onderneem met genabuurde</p>		<p>Onderskeie klassisse, partikuliere en/of nasionale sinodes onder kerke in algemene sinodale verband, kan met</p>

Afdeling	Kerkorde Dordrecht 1619	Afrikaanse vertaling	verskil	Kerkorde GKSA 2000
	<p>zijn Bena-buerden Synodo ofte Synodis / in suclker forme / als sy meest profijtig achten zullen / voor de ghemeene stichtinghe.</p>	<p>Sinode of Sinodes, op so 'n manier as wat hulle dit die beste ag vir die algemene stigting.</p>		<p>naburige klassisse, partikuliere en/of nasionale sinodes onderskeidelik, korrespondensie hou soos elkeen dit vir die algemene welsyn die beste ag.</p>
<p>Kerklike Vergaderings</p>	<p>Artikel 49</p> <p>Yeder Synodus sal oock eenighe deputeren / om alles wat de Synodus geordonneert heeft / te verrichten / soo wel byde Hooge Overheyte / als by de respective Classen / onder haer sorterende / mede om t'samen oft in minder ghetal over alle examina der aencomender Predicanten te staê : ende voorts in alle andere voorvallende swarigheden dê Classen de hant te bieden / op dat goede eenigheyt / ordre ende suyverheyt der leere behouden</p>	<p>Artikel 49</p> <p>Elke sinode sal ook deputate benoem, om alles wat die Sinode hulle beveel het, uit te voer [sowel by die owerhede as] by die onderskeie klassisse onder sy resort, mede om gesamentlik of in kleiner getal oor alle eksamens van toekomstige predikante toesig te hou. En voorts om in alle ander swarighede wat voorval aan die klassisse hulp te bied, sodat goeie eenheid, orde en suiwerheid van die leer behou en gehandhaaf word. Hulle sal ook van al hulle handelinge</p>	<p>Wesentlik dieselfde. Die deel wat die band met die owerhede betrek het verander. Dordt bepaal nog suiwer dat die kerklike vergaderings eerste verantwoordelik bly vir 'alle' eksamens van toekomstige predikante. By die GKSA word die voorbereidende eksamens aan die teologiese skool en die kuratore toevertrou.</p>	<p>Artikel 49</p> <p>Elke meerdere vergadering benoem deputate om wat besluit is, uit te voer volgens 'n welomskrewe opdrag. Die partikuliere sinode benoem in elk geval deputate om aan klassisse hulp te bied in voorkomende moeilikhede en om teenwoordig te wees by die proponents-eksamen (peremptoir). Vir die onderskeie belange, moet soveel moontlik afsonderlike groepe deputate benoem word. Hierdie deputate hou van al hulle handelinge notule om aan die meerdere vergadering verslag te doen. Slegs die betrokke meerdere vergadering kan hulle van hierdie opdrag onthef.</p>

Afdeling	Kerkorde Dordrecht 1619	Afrikaanse vertaling	verskil	Kerkorde GKSA 2000
	<p>ende gestabilieert worden. Eñ zullen dese van alle hare handelinghen / goede notitie houden / om den Synodo rapport daer van te doen / ende soo't geeycht werdt / redenen te geven. Oock en zullen sy niet ontslagen wesen van harê dienst / voor eñ aleer de Synodus selfs haer daer van ontslaet.</p>	<p>goeie notule hou, om aan die sinode verslag te doen, en indien dit vereis word, redes te gee. Ook sal hulle nie van hulle diens onthef wees voordat die sinode self hulle daarvan onthef nie.</p>		
<p>Kerklike Vergaderings</p>	<p>Artikel 50</p> <p>De Nationale Synode sal ordinaerlijck alle drie Jaren eens ghehouden werden / ten ware datter eenighe dringhende noot ware om den tijt corter te nemen. Tot dese sullen twee Dienaren eñ twee Ouderlingen uyt elcke particuliere Synode beyde der Duytscher ende Walscher</p>	<p>Artikel 50</p> <p>Die nasionale sinode sal ordelik elke drie jaar gehou word, tensy daar 'n dringende nood is om die tyd korter te maak. Hiervoor sal twee bedienaars van die Woord en twee ouderlinge uit elke partikuliere sinode, (ook van die Duitse- en Waals sprekende kerke), gestuur word. Voorts sal die kerk, wat die opdrag het om</p>	<p>Wesentlik dieselfde. Dordt bepaal egter meer presies die afvaardiging asook hoedat die taal-situasie in die kerke hanteer word. Die feit dat weens die aard van die nasionale of algemene sinode slegs leerstellige en kerkregtelike sake behandel behoort te word, maak dit die geskikte vergadering waar kerke van ander tale/kulture ook moet deelneem. Die gedeelte wat die owerheid betrek is gewysig.</p>	<p>Artikel 50</p> <p>Die nasionale sinode is 'n vergadering van al die partikuliere sinodes (of betrokke mindere vergaderings) waarheen elke partikuliere sinode (of betrokke mindere vergadering) 'n gelyke aantal bedienaars van die Woord en ouderlinge, soos die nasionale sinode bepaal, afvaardig. Die nasionale sinode vergader driejaarliks tensy dit na die oordeel</p>
<p>49</p>				

Afdeling	Kerkerde Dordrecht 1619	Afrikaanse vertaling	verskil	Kerkerde GKSA 2000
	<p>spraecke af-gesonden werden. Voorts sal de Kercke die last heeft om den tijdt ende plaetse des Generalen Synodi te benoemen (soo de selfde binnen de drie Jaren te beroepen ware) haer particuliere Synode vergaderen / ende t'selfde oock der naest-gheleghener Kercke die van een ander Tale is laten weten / de welcke vier persoonen daer henê senden sal / om met gemeynen advijse vanden tijt ende plaetse te besluyten. Deselve Kercke die vercoren is om de Generale Synode te samen te beroepen / wanneer sy met de Classe vanden tijt ende plaetse beraet-slagen sal / sal 'tselfde de hooghe Overheydt in tijts te kennen geven / op dat met haren weten / ende (soo het</p>	<p>die tyd en die plek van die algemene sinode te benoem - indien dit binne drie jaar opgeroep moet word – haar partikuliere sinode oproep, en ook om die naaste kerk wat van 'n ander taal is, te laat weet, wat vier persone daarheen sal stuur, om met gemeenskaplike advies die tyd en die plek te besluit. [Dieselfde kerk wat uitgekies is om die algemene sinode saam te roep, wanneer hulle met die klassis oor die tyd en plek beraadslaag, sal dit aan die Hoë Owerheid betyds te kenne gee, sodat met hulle wete, en [indien dit hulle geval om eenigemand na die klassis te stuur] oor die saak in die teenwoordigheid en met advies van hul afgevaardigdes besluit kan word.]</p>		<p>van minstens twee partikuliere sinodes (of betrokke mindere vergaderings) noodsaaklik geag word om 'n buitengewone vergadering byeen te roep.</p>

Afdeling	Kerkorde Dordrecht 1619	Afrikaanse vertaling	verskil	Kerkorde GKSA 2000
	<p>haer gelieft mede eenige te sendê tot den Classe) vander saecke in teghenwoordicheyt ende met advijs van hare Gedeputeerde besloten werde.</p>			
<p>Kerklike Vergaderings</p>	<p>Artikel 51</p> <p>Alsoo inde Nederlandê tweederley spraecke gesproken wert / is voor goet gehouden / dat de Kercken der Duytscher ende Walscher tale op haer selven harê Kercken-Raet / Classicale vergaderingen ende particuliere Synoden hebben sullen.</p>	<p>Artikel 51</p> <p>Aangesien in die Nederlande twee tale gepraat word, word dit goed geag dat die kerke van die Duitse en Waalse taal op hulle self hul kerkraad, klassikale vergaderings en partikuliere sinodes sal hou.</p>	<p>Dordt neem die faktor van kommunikeerbaarheid en kultuur verskille ordelik op vir sover dit die direkte hulp van kerke onderling betrek soos wat dit in die funksies van die klassis en partikuliere sinodes in die voorgaande artikels beskryf is. In die GKSA het meerdere vergaderings oor dekades van sinodolarisering en die vorming van magstrukture 'n politieke speelbal geword en is dus gewysig.</p>	<p>Artikel 51</p> <p>Die algemene sinode is 'n vergadering van al die nasionale sinodes waarheen elke nasionale sinode 'n gelyke aantal bedienaars van die Woord en ouderlinge, soos deur die algemene sinode bepaal, afvaardig. 'n Buitengewone of vervroegde algemene sinode word opgeroep wanneer ten minste twee nasionale sinodes so 'n algemene sinode noodsaaklik ag.</p>
<p>Kerklike</p>	<p>Artikel 52</p>	<p>Artikel 52</p>		<p>Artikel 52</p>

Afdeling	Kerkorde Dordrecht 1619	Afrikaanse vertaling	verskil	Kerkorde GKSA 2000
Vergaderings	<p>Is niet te min goet gevonden / dat in de Steden daer de voorsz Walsche Kercken zijn / alle Maenden sommige Dienaren ende Ouderlingen van beyde zijden vergaderen zullen om goede eendraght eñ correspondentie met malcanderen te houden / eñ soo veel moghelijck is na gelegentheyt des noodts met rade malcanderen by te staen.</p>	<p>Dit word nietemin goedgevind, dat in die stede, waar die genoemde Waalse kerke is, elke maand sommige leraars en ouderlinge van beide kante sal vergader, om goeie eendrag en korrespondensie onder mekaar te hou, en, waar moontlik, soos die nood vereis, mekaar met raad by te staan.</p>	<p>Weereens sien ons die duidelike verskil tussen Dordt en die GKSA. Die Dordtse artikel plaas die skakeling en hulpverlening oor taal en kultuur heen tereg en ordelik in die hande van die plaaslike kerke en bepaal selfs die minimum frekwensie daarvan.</p>	<p>Kerklike korrespondensie en samewerking of kontak (met kerke en kerklike instansies) buite die algemene sinodale verband, word in 'n algemene sinode gereël.</p>
<p>Leer, Sakramente en ander Seremonies</p>	<p>Artikel 53 De Dienaers des Woords Gods / Item die Professorê inde Theologie ('twelck oock den anderen Professoren wel betaemt) zullen de Belijdenissen des Geloofs der Nederlantscher Kercken</p>	<p>Artikel 53 Die bedienaars van die Woord van God, en net so die professore in die Teologie – wat trouens ook die ander professore betaam - sal die Belydenisse van Geloof van die Nederlandse Kerke onderteken, en diegene wat dit</p>	<p>Wesentlik dieselfde Dordt praat van professore in die Teologie terwyl die GKSA praat van professore aan die Teologiese Skool.</p>	<p>Artikel 53 Die bedienaars van die Woord en ook die professore aan die Teologiese Skool moet die drie Formuliere van Eenheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht 1618-19 onderskrif en onderteken en die wat weier</p>

Afdeling	Kerkorde Dordrecht 1619	Afrikaanse vertaling	verskil	Kerkorde GKSA 2000
	<p>onderteecken / ende de Dienaers die sulcx sullen refuseren / sullen de facto van haren Dienst by den Kercken-Raet / ofte de Classe opgeschorst werden / ter tijdt toe sy haer daer inne gheheelijcken verclaert sullen hebben : ende indien sy opstinatedijcken in weygheringhe blijven / sullen sy van harê Dienst geheelijcken afgestelt werden.</p>	<p>weier, sal de facto van hul diens by die kerkraad of die klassis geskors word, tot op die tyd dat hulle hul daaroor geheel verklaar het, en indien hulle hardnekkig bly weier, sal hulle van hul diens heeltemal afgesit word.</p>		<p>om dit te doen, moet metterdaad in hulle diens geskors word deur die kerkraad of klassis en in die geval van professore, deur die nasionale sinode, totdat hulle hul daaroor volledig verantwoord het. As hulle hardnekkig weier, moet hulle heeltemal van hulle diens afgesit word.</p>
<p>Leer, Sakramente en ander Seremonies</p>	<p>Artikel 54 Inghelijcx sullen oock de School-Meesters ghehouden zijn de Artijckelen als boven / ofte in de plaetse van dien den Christelijcken Catechismum te</p>	<p>Artikel 54 Net so sal ook van die skoolonderwysers verwag word om die artikels soos bo, of in die plek daarvan, die Christelike Kategismus te onderteken.</p>	<p>By Dordt het die onderwysers nog 'n semi amp-status in die kerk gehad. Die sekulere skole in SA maak die uitvoering van Dordt hier onmoontlik. Die ordening van die GKSA hier is sinryk.</p>	<p>Artikel 54 Ook die ouderlinge en die diakens en diegene wat deur 'n klassis as proponente toegelaat word, moet die genoemde Formuliere van Eenheid onderskrif en onderteken.</p>
53				

Afdeling	Kerkorde Dordrecht 1619	Afrikaanse vertaling	verskil	Kerkorde GKSA 2000
onderteeckenen.				
Leer, Sakramente en ander Seremonies	Artikel 55 Niemandt vande Gereformeerde Religie sal hem onderstaê eenigh boeck ofte schrift van hem ofte van eenê anderen gemaect ofte overgheset / handelende van de Religie / te laten drucken ofte andersins uyt tegheven / dan ‘tselfde voor henen doorsien ende goet gekent zijnde van de Dienaren des Woords zijns Classis / ofte particulierê Synodi ofte Professoren der Theologie van deze Provincien / doch met voorweten zijnes Classis.	Artikel 55 Niemand van die Gereformeerde godsdienst sal poog om enige boek of geskrif van hom of wat van 'n ander gemaak is of te vertaal, wat handel oor die Godsdienst, te laat druk, of andersins uit te gee nie, behalwe indien dit vooraf deursien en goedgekeur is deur die bedienaars van die Woord, die klassis, of partikuliere sinode, of deur die professore in die Theologie van hierdie provinsies, maar met voorkennis van sy klassis.	By Dordt het dit spesifiek gegaan oor keuring van publikasies. Die GKSA herhaal hier ongeveer net weer die inhoud van die ampswerk wat in die eerste deel reeds beskryf is.	Artikel 55 Om die suiwere leer in die gemeente te handhaaf en om die valse leringe en dwalinge te weer, wend die bedienaars van die Woord en die ouderlinge by die uitoefening van hulle onderskeie ampte, by die bediening van die Woord, by die kategetiese onderrig en by die huisbesoek, die middele van lering, weerlegging, waarskuwing en vermaning aan.
Leer,	Artikel 56	Artikel 56		Artikel 56

Afdeling	Kerkorde Dordrecht 1619	Afrikaanse vertaling	verskil	Kerkorde GKSA 2000
Sakramente en ander Seremonies	<p>Het verbondt Gods sal aen den kinderen der Christenen met den Doop / soo haest als men die bedieninghe des selven hebben can / bezegelt worden / ende dat inde openbare versamelinghe / wanneer Gods Woordt ghepredickt wort. Doch ter plaetsen daer niet soo veel Predicatie ghedaen worden / salmen eenen sekere dagh ter weke verordenen / om den Doop extraordinaerlijck te bedienen / so nochtans dat 't selve sonder Predicatie niet en gheschiede.</p>	<p>Die verbond van God sal aan die kinders van Christene met die Doop verseël word, so spoedig as wat die bediening daarvan gedoen kan word, en dit moet in 'n openbare samekoms/erediens plaasvind, wanneer God se Woord gepreek word. Maar op plekke waar nie so dikwels gepreek word nie, sal 'n sekere dag in die week gereël word om die Doop in 'n buitengewone diens te bedien, nogtans so dat dit nie sonder prediking sal geskied nie.</p>	<p>Dordt het nog heelwat nader gestaan aan die tyd van die reformatie en die invloed van die Roomse godsdiens waar die sakramente sowaar net so enige tyd bedien is. Daar word wel voorsiening gemaak dat dit uitsonderlik (waar nie so dikwels gepreek word nie) ook buite die openbare erediens bedien kan word, maar nie sonder die woordbediening nie.</p>	<p>Die verbond van God moet so spoedig moontlik aan die kinders van die Christene in die erediens met die Heilige Doop beseël word volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is.</p>
Leer,	Artikel 57	Artikel 57		Artikel 57

Afdeling	Kerkorde Dordrecht 1619	Afrikaanse vertaling	verskil	Kerkorde GKSA 2000
Sakramente en ander Seremonies	De Dienaers sullen haer beste doen ende daer toe arbeyden / dat de Vader zijn kint ten Doop presentere. Ende inde Ghemeenten daermen neffens den Vader oock ghevaders ofte ghetuygen by den Doop neemt (welcke ghebruyck / in hem selven vry zijnde / niet lichtelijck te veranderen en is) betaemt het datmen neme die de suyvere Leere toegedaen ende vroom van wandel zijn.	Die bedienaars van die Woord sal hul bes doen, en daartoe beywer, dat die vader sy kind ten doop aanbied. En in die gemeentes, waar naas die vader oock peetvaders of getuies by die doop as mede verantwoordelik geneem word - welke gebruik, op sigself nie ligtelik verander word nie -, betaam dit, dat sulke getuies geneem word wat die suiwer leer onderskryf en vroom wandel.	By Dordt word nog van die vader as verbondshoof wat inisiatief moet neem uitgegaan. Beide ouers asook die voogde word in berekening geneem. 'n belangrike verskil egter is dat van die voogde/peetouers wat die kind moet grootmaak verwag word om ook die suiwer leer en lewe te handhaaf.	Die bedienaars van die Woord moet toesien dat die vader, moeder of voogde die doop vir hulle kinders aanvra.
Leer, Sakramente en ander Seremonies	Artikel 58 De Dienaers zullen int doopen soo den jonger kinderen als der bejaerder persoonen / die formulieren vande instellinghe ende ghebruyck des Doops / welck tot dien eynde onderscheydentlijck	Artikel 58 Die bedienaars van die Woord sal by die doop van jong kinders sowel as van volwasse persone die onderskeie formuliere gebruik wat vir die doel beskryf is.	Wesentlik dieselfde	Artikel 58 Die bedienaar van die Woord moet by die doop van klein kinders sowel as van volwasse persone die onderskeie formuliere gebruik wat daarvoor vasgestel is.

Afdeling	Kerkorde Dordrecht 1619	Afrikaanse vertaling	verskil	Kerkorde GKSA 2000
	beschreven zijn / ghebruycken.			
	<p style="text-align: center;">Artikel 59</p> <p>De bejaerde worden door den Doop der Christelicke Gemeente inghelijft / ende voor Lidmaten der ghemeente aenghenomen / ende zijn daerom schuldich het Avontmael des Heeren oock te ghebruycken / t'welck sy by haren Doop sullen beloven te doen.</p>	<p style="text-align: center;">Artikel 59</p> <p>Volwassenes word deur die doop in die Christelike Gemeente ingelyf, en as lidmate van die gemeente aangeneem, en is daarom verskuldig om die nagmaal van die Here ook te gebruik, wat hulle by hulle doop sal belowe om te doen.</p>	<p style="text-align: center;">Wesentlik dieselfde in aansluiting by die vorige artikel betreffende die formuliere.</p>	<p style="text-align: center;">Artikel 59</p> <p>Volwassenes word deur die doop in die kerk van Christus ingelyf en as lidmate van die kerk opgeneem en daarom is hulle verplig om die Nagmaal van die Here te gebruik soos hulle by hulle doop belowe het om te doen.</p>
Leer, Sakramente en ander Seremonies	<p style="text-align: center;">Artikel 60</p> <p>De namen der ghedoopten / mitsgaders der Ouderen ende Getuyghen / Item den tijdt des Doops / zullen opgeteeckent worden.</p>	<p style="text-align: center;">Artikel 60</p> <p>Die name van die gedooptes, saam met die van die ouers en getuies, en ook die tyd van die doop, sal opgeteken word.</p>	<p style="text-align: center;">Wesentlik dieselfde</p>	<p style="text-align: center;">Artikel 60</p> <p>Die name van die gedooptes en van hulle ouers of voogde sowel as die datums van geboorte en doop moet opgeteken word.</p>
Leer,	<p style="text-align: center;">Artikel 61</p>	<p style="text-align: center;">Artikel 61</p>		<p style="text-align: center;">Artikel 61</p>

Afdeling	Kerkorde Dordrecht 1619	Afrikaanse vertaling	verskil	Kerkorde GKSA 2000
Sakramente en ander Seremonies	<p>Men sal niemandt ten Avontmael des Heeren toelaten / dan die na der ghewoonheydt der Kercken / tot de welck hy hem voeght / belijdenisse der Ghereformeerde Religie gedaen heeft / mitsgaders hebende ghetuyghenisse eens vromen wandels / sonder welcke oock de ghene die uyt andere Kercken comen / niet zullen toegelaten worden.</p>	<p>Niemand sal tot die Nagmaal van die Here toegelaat word, behalwe hulle wat volgens die gebruik van die Kerk waarby hulle hul voeg belydenis van die Gereformeerde godsdiens gedoen het en getuienis van 'n vrome wandel het nie, waarsonder ook diegene wat van ander kerke kom nie toegelaat sal word nie.</p>	<p>Wesentlik dieselfde. By Dordt is nog uitgegaan dat 'ander kerke' die Gereformeerde kerke is en daar was nog nie verskillende 'gereformeerde' kerkverbande nie.</p>	<p>Tot die Heilige Nagmaal word alleen diegene toegelaat wat volgens gebruik van die plaaslike kerk belydenis van die Gereformeerde godsdiens gedoen het en 'n goeie getuienis van 'n vrome wandel besit. Sonder sodanige getuienis moet ook diegene wat uit ander kerke [van dieselfde kerkverband]* kom, nie toegelaat word nie.</p> <hr/> <p>* Hierdie gedeelte is verander deur die Nasionale Sinode 1997, en moet nog goedgekeur word deur die Algemene Sinode</p>

Afdeling	Kerkorde Dordrecht 1619	Afrikaanse vertaling	verskil	Kerkorde GKSA 2000
Leer, Sakramente en ander Seremonies	<p data-bbox="403 295 548 327">Artikel 62</p> <p data-bbox="280 399 660 1220">Een yerder Kercke sal sulcke maniere van bedieninghe des Avontmaels houden / als sy oordeelt tot de meeste stichtinghe te dienen. Welverstaende nochtans dat de uytwendighe Ceremonien in Gods Woord voorgeschreven / niet verandert / ende alle supersitie vermijdet werde / ende dat nae voleyndinghe der Predicatie ende der gemeyne Gebeden op den Predick-stoel / het formulaer des Avontmaels / mitsgaders het Gebedt daer toe dienende / voor de Tafel sal wordê gelesen.</p>	<p data-bbox="851 295 996 327">Artikel 62</p> <p data-bbox="694 399 1153 1125">Elke kerk sal op sodanige wyse die bediening van die nagmaal hou as wat hulle oordeel tot die meeste stigting dien. Dit moet egter goed verstaan word dat die uitwendige seremonies wat in God se Woord voorgeskryf is, nie verander mag word nie en alle bygeloof vermy word, en dat na die afsluiting van die preek en gemeenskaplike gebede vanaf die preekstoel, die formulier van die nagmaal, saam met die gebed wat daarby hoort by die tafel gelees sal word.</p>	<p data-bbox="1176 391 1601 614">Wesentlik dieselfde. Hierdie artikel vra egter om nadere revisie om uit te spel presies watter seremonies in God se Woord voorgeskryf is. Die GKSA het reeds die noodsaak van die gemeenskaplike drinkbeker en tafel laat vaar.</p>	<p data-bbox="1825 295 1971 327">Artikel 62</p> <p data-bbox="1646 399 2150 893">Elke kerk moet die nagmaal hou op die wyse wat na sy oordeel tot die meeste stigting dien. Dit moet egter goed verstaan word dat die uitwendige seremonies wat in die Woord van God voorgeskryf is, nie verander mag word nie, dat alle bygeloof vermy moet word en dat na die preek en algemene gebede, die formulier van die Heilige Nagmaal, asook die gebed wat daarby behoort, gelees moet word.</p>

Afdeling	Kerkorde Dordrecht 1619	Afrikaanse vertaling	verskil	Kerkorde GKSA 2000
<p>Leer, Sakramente en ander Seremonies</p>	<p>Artikel 63</p> <p>Het Avontmael des Heeren sal ten twee Maenden eens / soo veel het mogelijk is / ghehouden werden : ende sal stichtelijck zijn daer het de gelegentheyt der Kercken lijden can / dat op den Paesdagh / Pincxterdagh ende Christ-dagh hetselve gheschiede. Doch ter plaetsen daer noch gheen Kerckelijcke ordre en is / salmen eerst Ouderlinghen ende Diakenen by provisie stellen.</p>	<p>Artikel 63</p> <p>Die nagmaal van die Here sal elke twee maande, waar moontlik is, gehou word, en dit sal stigtelik wees, waar die omstandighede van die kerke toelaat, dat dit op die Paasdag, Pinksterdag en Kersdag plaasvind. Maar by plekke waar nog geen kerklike orde is nie, sal eers ouderlinge en diakens voorsien word.</p>	<p>Dordt bepaal die frekwensie elke twee maande. GKSA minstens elke 3 maande.</p> <p>Dordt gee toe dat dit stigtelik kan wees om ook Nagmaal te vier op sekere christelike vakansiedae. Daar moet hiervoor veral twee faktore in ag geneem word (a) die aandrang van die regering tot hierdie reeling en (b) 'n bewuste inperking t.a.v. hoe geheg die gelowiges nog was aan die Roomse gewoonte om baie meer vakansiedae te vier met nagmaal.</p>	<p>Artikel 63</p> <p>Die nagmaal van die Here moet minstens elke drie maande gehou word.</p>
<p>Leer, Sakramente en ander Seremonies</p>	<p>Artikel 64</p> <p>Alsoo de Avont-gebeden in veel plaetsen vruchtbaer bevondê worden / soo sal in 't ghebruyck der selver elcke Kercke volghen t'ghene sy</p>	<p>Artikel 64</p> <p>Aangesien die aandgebede in baie plekke vrugbaar bevind word, sal elke kerk die gebruik daarvan volg op so 'n wyse as wat hulle tot die meeste stigting</p>	<p>Geen ooreenkoms tussen Dordt en GKSA op hierdie artikel nie.</p> <p>By Dordt kon lidmate maklik weeklikse gebedsbyeenkomste hou ter kategeese van die gemeente en onderrig in die gebed -</p>	<p>Artikel 64</p> <p>Die bediening van die nagmaal vind alleen in 'n erediens plaas onder toesig van die ouderlinge.</p>

Afdeling	Kerkorde Dordrecht 1619	Afrikaanse vertaling	verskil	Kerkorde GKSA 2000
	<p>achtet tot haere meeste stichtinghe te dienen. Doch wannermense begheeren soude wegh te nemen / sal t'selfde niet zonder 't oordeel der Classe / mitsgaders der Overheyte / de Gereformeerde Religie toe-gedaen / gheschieden.</p>	<p>ag. Maar wanneer hulle begeer om dit af te skaf, sal dit nie sonder die oordeel van die Klassis geskied nie. [Saam met die owerheid wat die Gereformeerde godsdiens goedgesind is.]</p>	<p>soos met Calvyn in Geneve. Met die opkoms van die Metodisme en die sogenaamde bid-ure het daar onder gereformeerdes weerstand gekom. Hierdie reeling het mettertyd verval en is oor die algemeen vervang met die gesinne se huisgodsdiens.</p> <p>Die GKSA se artikel is ook sinryk.</p>	
<p>Leer, Sakramente en ander Seremonies</p>	<p>Artikel 65</p> <p>Daer de Lijck-Predicatie niet en zijn / salmense niet instellen : Eñ daerse nu alreede zijn aen ghenomen / sal neersticheydt gedaen werden om de selve met de ghevoeghlijcxste middelen af te doen.</p>	<p>Artikel 65</p> <p>Waar die lykpredikasies nie bestaan nie, sal hulle nie ingestel word nie, en waar hulle nou alreeds in gebruik is, sal ywer aan die dag gelê word, om hulle met die mees geskikte middele af te stel.</p>	<p>Die artikel wil veral teen die Roomse gebruik ingaan.</p>	<p>Artikel 65</p> <p>Lykpredikasies of lykdienste mag nie ingevoer word nie.</p>
	<p>Artikel 66</p> <p>In tijden van Oorloghe /</p>	<p>Artikel 66</p> <p>In tye van oorlog, pestilensie, rampe,</p>	<p>Wesentlik dieselfde. Die reeling van Dordt wat die owerhede betrek het intussen</p>	<p>Artikel 66</p> <p>In tye van oorlog, pestilensie,</p>

Afdeling	Kerkorde Dordrecht 1619	Afrikaanse vertaling	verskil	Kerkorde GKSA 2000
	<p>Pestilentie / dieren tijt / sware Vervolginghe der Kercken ende andere alghemeyne swaricheden / zullen de Dienaers der Kercken de Overheydt bidden dat door haer autoriteyt eñ bevel openbaer Vast ende Bid-daghen aenghestelt ende gheheylight moghen werden.</p>	<p>swaar vervolging van die Kerke en ander swarighede wat oral gevoel word, sal die dienaars van die Kerke die regering versoek, dat deur hulle gesag en bevel dae van openbare verootmoediging en gebed aangewys en geheilig word.</p>	<p>verval.</p>	<p>algemene volksrampe en ander groot beproewings waarvan die druk oral in die kerke gevoel word, moet die klassis wat daarvoor deur die algemene sinode aangewys is, 'n dag van verootmoediging en gebed uitskrywe.</p>
<p>Leer, Sakramente en ander Seremonies</p>	<p>Artikel 67</p> <p>De Gemeenten zullen onderhouden / beneffens den Sondach / oock den Christ-dagh / Paesschen eñ Pincxsterê / met dê navolgenden dagh : Ende dewijl inde meeste Steden eñ Provintien van Nederlandt / daerenboven noch ghehouden worden / den dagh vande Besnijdinghe ende</p>	<p>Artikel 67</p> <p>Die gemeentes sal onderhou, benewens die Sondag, ook die Kersdag, Paasfees en Pinkster, met die volgende dag; en omdat in die meeste stede en provinsies van Nederland daarvan nog onderhou word: die dag van die Besnydenis en die Hemelvaart van Christus, sal die bedienaars van die Woord oral, waar dit nog nie in gebruik is</p>	<p>Dit is jammer dat die GKSA die Sondag as verpligte vertrekpunt nie hier hanteer nie. Die hantering van die ander feesdae by Dordt hang saam met die aandrang van die owerheid asook die gewoonte van die Roomse godsdiens waarby Dordt duidelik inperkend gehandel het teenoor 'n oorfloed van vakansiedae wat by die Rooms gebruik was.</p>	<p>Artikel 67</p> <p>Die onderhouding van die Christelike feesdae, Kersdag, Paasfees, Pinkster en Hemelvaartsdag word aan die vryheid van die kerk oorgelaat.</p>

Afdeling	Kerkorde Dordrecht 1619	Afrikaanse vertaling	verskil	Kerkorde GKSA 2000
	<p>Hemelvaert Christi / zullen de Dienaers overal daer dit noch niet int gebruyck en is / byde Overheden arbeyden / datse sich met de andere mogen conformeren.</p>	<p>nie. [met die regerings saamwerk], dat hulle met die ander mag konformeer.</p>		
<p>Leer, Sakramente en ander Seremonies</p>	<p>Artikel 68</p> <p>De Dienaers sullen alomme des Sondaeghs ordinaerlick inde namiddaeghsche Predicatie / de Somma der Christelijcke Leer inden Catechismo / die teghenwoordigh in de Nederlandtsche Kercken aenghenomen is / vervatet / cortelijck uytlegghen / alsoo dat de selve jaerlijcx magh gheeyndight worden / volghende de af-deelinghe des Catechismi selfs daer op gemaect.</p>	<p>Artikel 68</p> <p>Die bedienaars van die Woord sal op Sondag, gewoonlik in die namiddag preek, die hoofinhoud van die Christelike leer, soos vervat in die Kategismus, wat tans in die Nederlandsche Kerke aangeneem is, kortliks verduidelik, sodat dit jaarliks afgehandel mag word, volgens die afdeling wat die Kategismus self daarop gemaak het.</p>	<p>Per implikasie – wesentlik dieselfde</p>	<p>Artikel 68</p> <p>Die bedienaars van die Woord moet op Sondag, gewoonlik in die tweede diens, die hoofinhoud van die Christelike leer soos vervat in die Heidelbergse Kategismus uitlê en soveel moontlik jaarliks afhandel volgens die Sondagsafdeling daarvan.</p>
63				

Afdeling	Kerkorde Dordrecht 1619	Afrikaanse vertaling	verskil	Kerkorde GKSA 2000
<p>Leer, Sakramente en ander Seremonies</p>	<p>Artikel 69</p> <p>Inde Kercken zullen alleen die 150 Psal. Davids / de thien Geboden / het Vader onse / de 12 Arciculen des Geloofs / de Lofsanghen Mariae, Zachariae, Simeonis ghesongen worden.</p> <p>‘Tghesangh / O Godt die onsen Vader bist / wort inde vryheyt der Kercken ghestelt / om ‘tzelve te gebruycken ofte naertelaten. Alle anderen gesangen salmen uyt de Kercken weren / ende daerder eenige albereets inghevoert zijn / salmen de selve / met de ghevoeghelijckste middelen afstellen.</p>	<p>Artikel 69</p> <p>In die kerke sal net die 150 Psalms van Dawid, die Tien gebooie, die Onse Vader, die 12 Artikels van die geloof, die Lofsange van Maria, Sagaria en Simeon gesing word; Die Gesang: o God, wat ons Vader is, word in die vryheid van die kerke gelaat om dit self te gebruik of na te laat. Alle ander gesange sal uit die kerke geweerd word, en waar sommige reeds ingevoer is, sal hulle met die paslikste middele verwyder word.</p>	<p>Algemene belangrike en wesentlike verskil is dat Dordt van die staanspoor inperkend die liedere afbaken terwyl die GKSA hierdie liedere as 'n vertrekpunt stel met die moontlikheid om dit uit te brei.</p> <p>Onthou moet word, is die agtergrond van die Remonstrante wat deur liedere die dwalinge ingevoer het.</p> <p>Toetsing vir leersuiwerheid en ander Skriftuurlike kriteria word al hoe meer gekompliseerd wanneer van hierdie inperkende basis af wegbeweeg word.</p>	<p>Artikel 69</p> <p>In die kerke moet die 150 Psalms, die Tien Gebooie, die Onse Vader, die Twaalf Artikels van die Geloof, die Lofsange van Maria, Sagaria en Simeon gesing word. Ander skrifberyminge wat die sinode goedgekeur het, word in die vryheid van die kerkrade gelaat.</p>

Afdeling	Kerkorde Dordrecht 1619	Afrikaanse vertaling	verskil	Kerkorde GKSA 2000
<p>Leer, Sakramente en ander Seremonies</p>	<p>Artikel 70</p> <p>Alsoo bevonden wordt dat tot noch toe verscheyden gebruycken in houwelijcxsche saecken alomme onderhouden zijn / ende nochtans wel oirbaer is gelijkformicheyt daer inne gepleeght te worden : soo sullê de Kercken blijvê by het gebruyck 'twelcke sy conform Gods Woordt ende voorgaende Kerckelijcke ordinantien tot noch toe onderhouden hebben / tot dat by der hoogher Overicheydt (diemen daer toe met den eersten sal versoecken) een Generale Ordinantie /</p>	<p>Artikel 70</p> <p>Aangesien bevind word dat tot nou toe verskillende gebruike in huweliksake onderhou is, en dit tog nuttig is dat gelykvormigheid daarin toegepas word, sal die kerke bly by die gebruik wat hulle ooreenkomstig God se Woord en vorige kerklike verordeninge tot nou toe onderhou het, totdat by die owerheid - wat by die eerste geleentheid daartoe versoek sal word - 'n algemene ordening met advies van die kerkdienaars, daarvoor gemaak sal word, waarna hierdie kerkordening in hierdie saak verwys.</p>	<p>Die reeling van die GKSA is eenvoudig en korrek. Die meer uitgebreide artikel van Dordt was omdat daar nog 'verskillende gebruike' was. Hierdie artikel behoort ook gegewe die hedendaagse afwykende neigings t.a.v. seksualiteit en verhoudinge op reformatoriese beginsel uitgebrei te word.</p>	<p>Artikel 70</p> <p>Kerkrade moet toesien dat die huwelik as heilige verbintenis in die Here aangegaan word volgens die Formulier wat daarvoor vasgestel is.</p>

Afdeling	Kerkorde Dordrecht 1619	Afrikaanse vertaling	verskil	Kerkorde GKSA 2000
	<p>met advijs der Kercken-Dienaren / daer op gemaect sal zijn / tot de welke dese Kercken-ordeningh haer in dit stuck refereert.</p>			
Kerklike Tug	<p>Artikel 71</p> <p>Ghelijckerwijs de Christelijcke straffe Geestelijck is / ende niemant vanden Borgerlijcke gherichte ende straffe der Overheydt bevrijt / alsoo wordê oock benefens de Borgerlijcke straffe de Kerckelijcke Censuren nootsaeckelijck vereyst / om den Sondaer met der Kercke ende zijnen naesten te versoenen / ende de ergernisse uyt de Gemeente Christi wegh te nemen.</p>	<p>Artikel 71</p> <p>Net soos die christelike straf geestelik is, en niemand die burgerlijke gerig of straf van die Regering kan vryspring nie, so word ook, behalwe die burgerlijke straf, die kerklike sensuur noodwendig vereis, om die sondaar met die kerk en sy naaste te versoen, en die ergernis uit die gemeente van Christus weg te neem.</p>	<p>Per implikasie, wesentlik dieselfde</p>	<p>Artikel 71</p> <p>Die kerklike tug is geestelik, daarom is, afgesien van die burgerlike straf, die kerklike sensuur noodsaaklik om die eer van God te handhaaf, die sondaar met die kerk en sy naaste te versoen en die aanstoot uit die gemeente van Christus weg te neem.</p>
66				

Afdeling	Kerkorde Dordrecht 1619	Afrikaanse vertaling	verskil	Kerkorde GKSA 2000
Kerklike Tug	Artikel 72	Artikel 72		Artikel 72
	<p>Wanneer dā yemandt tegen de suyverheydt der Leere ofte vromicheyt des wandels sondight : soo verre als het heymelijck is / ende geen openbare ergernisse ghegheven heeft / soo sal den reghel onderhouden worden / welck Christus duydelijcken voorschrijft, Matth. 18.</p>	<p>Wanneer iemand dan teen die suiwerheid in leer, of vroomheid van wandel sondig vir soverre dit heimlik is, en geen openbare ergernis gegee het nie, sal die reël onderhou word, wat Christus duidelik voorskryf in Matt. 18.</p>	<p>Wesentlik dieselfde</p>	<p>As iemand dan ten opsigte van die suiwerheid van die leer of vroomheid van die wandel sondig, moet, in sover dit heimlik is en geen openbare aanstoot gegee het nie, die reël onderhou word soos Christus duidelik in Mattheus 18 voorskrywe.</p>
Kerklike Tug	Artikel 73	Artikel 73		Artikel 73
	<p>De heymelijcke sonden waer van de sondaer by eê int bysonder ofte by twee ofte drie ghetuyghen vermaent zijnde / berouw heeft / sullen voor den Kercken-Raet niet ghebracht werden.</p>	<p>Die verborge sondes, waaroor die sondaer, nadat hy deur één persoon afsonderlik, of in die teenwoordigheid van twee of drie getuies vermaan is, berou het, sal nie voor die kerkraad gebring word nie.</p>	<p>Wesentlik dieselfde</p>	<p>Die heimlike sondes waaroor die sondaer berou het nadat hy deur een persoon afsonderlik of in teenwoordigheid van twee of drie getuies vermaan is, moet nie voor die kerkraad gebring word nie.</p>
67				

Afdeling	Kerkorde Dordrecht 1619	Afrikaanse vertaling	verskil	Kerkorde GKSA 2000
Kerklike Tug	<p>Artikel 74</p> <p>Soo yemandt van een heymelijcke sonde van twee ofte drie persoonen inder liefde vermaent zijnde / geen ghehoor en geeft / ofte andersins een openbare sonde bedreven heeft / sulcx sal den Kercken-Raet aenghegheven worden.</p>	<p>Artikel 74</p> <p>As iemand, nadat hy oor 'n heimlike sonde deur twee of drie persone in liefde vermaan is, geen gehoor gee nie, of andersins 'n openbare sonde bedryf het, sal dit by die kerkraad aangegee word.</p>	<p>Wesentlik dieselfde</p>	<p>Artikel 74</p> <p>As iemand, nadat hy deur twee of drie persone in liefde oor 'n heimlike sonde vermaan is, geen gehoor gee nie of 'n openbare sonde bedryf het, moet dit by die kerkraad aanhangig gemaak word.</p>
Kerklike Tug	<p>Artikel 75</p> <p>Van alsulcke sonden die van haer natueren weghe openbaer /ofte door verachtinghe der Kerckelijcke vermaninghen int openbaer ghecomen zijn / zal de versoeninghe (wanneermen seeckere teekenen der boetvaerdicheydt siet) openbaerlijck gheschiedê /</p>	<p>Artikel 75</p> <p>Van al sulke sondes, wat uit hulle aard openbaar is, of weens die veragting van kerklike vermanings in die openbaar gekom het, moet die versoening - wanneer duidelike tekens van boetvaardigheid blyk – in die openbaar geskied ooreenkomstig die oordeel van die kerkraad; en in die</p>	<p>Wesentlik, per implikasie dieselfde</p>	<p>Artikel 75</p> <p>Die versoening oor alle sondes wat uit hulle aard of deur veragting van die kerklike vermaninge openbaar geword het, moet, as daar genoegsame tekens van boetvaardigheid is, in so 'n vorm en op so 'n wyse plaasvind soos elke kerkraad dit vir die stigting van die kerk nodig oordeel. Indien daar verskil is in die kerkraad oor die vraag of die versoening in bepaalde gevalle in die</p>

Afdeling	Kerkorde Dordrecht 1619	Afrikaanse vertaling	verskil	Kerkorde GKSA 2000
	<p>door het oordeel des Kercken-Raedts : Ende ten platten Lande / ofte in mindere Steden / daer maer eenen Dienaer en is / met advijs van twee ghenae-buerde Kercken / in sulcke forme ende maniere als tot stichtinghe van een yder Kercke bequaem sal gheoordeelt worden.</p>	<p>platteland, of in kleiner stede, waar slegs één Woordbedienaar is, met advies van twee genabuurde kerke, in so 'n form en manier as wat tot die stigting van elke kerk toepaslik geoordeel word.</p>		<p>openbaar moet plaasvind, moet daaroor met advies van twee naburige kerkrade beslis word.</p>
Kerklike Tug	<p>Artikel 76</p> <p>Soo wie hartneckelijck de vermaninghe des Kercken-Raets verwerpt / Item die een openbare ofte andesins een grove sonde ghedaen heeft / sal vanden Avontmael des Heeren afghehouden worden. Ende indien hij afghehouden zijnde / na verscheyden vermaningen geen teeckê der boetvaerdicheyt bewijst / soo</p>	<p>Artikel 76.</p> <p>Wie hardnekkig die vermaning van die kerkraad verwerp, en ook wie 'n openbare of andersins 'n growwe sonde gedoen het, sal van die nagmaal van die Here afgehou word. En indien hy, terwyl hy afgehou word, na verskeie vermanings geen teeken van boetvaardigheid bewys nie, sal ten laaste tot die uiterste regstelling, naamlik die</p>	<p>Tot sover dit handel oor afhouding van die Nagmaal, wesentlik dieselfde.</p> <p>Die laaste gedeelte van Dordt is by opvolgende artikels van die GKSA soortgelyk ingewerk.</p>	<p>Artikel 76</p> <p>Diegene wat hardnekkig die vermaning van die kerkraad verwerp en ook die wat 'n openbare of anders 'n growwe sonde gedoen het, moet van die sakramente [nagmaal]* van die Here afgehou word.</p> <hr/> <p>* Hierdie gedeelte is verander deur die Nasionale Sinode 1997, en moet nog goedgekeur word deur die Algemene</p>

Afdeling	Kerkorde Dordrecht 1619	Afrikaanse vertaling	verskil	Kerkorde GKSA 2000
	<p>salmen ten lesten tot de uysterste remedie / namelijk de af-snijdinghe / comen / volghende de forme nae den Woorde Gods daer toe ghestelt: Doch sal niemant afgesneden werden / dan met voorgaende advijs der Classe.</p>	<p>afsnyding, oorgegaan word, volgens die formulier wat ooreenkomstig die Woord van God daarvoor opgestel is. Maar niemand sal afgesny word, behalwe met die voorafgaande advies van die Klassis nie.</p>		<p>Sinode</p>
<p>Kerklike Tug</p>	<p>Artikel 77</p> <p>Al-eermen tot der af-snijdinge comt / salmen de hartneckicheydt des sondaers der Gemeente opentlijck te kennen geven / de sonden verclarende / mitsgaders de neersticheyt aen hem bewesen int bestraffen / afhouden vanden Avontmale / ende menighvuldige vermaninghen : Eñ sal de Gemeente vermaent wordê</p>	<p>Artikel 77</p> <p>Voordat tot die afsnyding oorgegaan word, sal die hardnekkigheid van die sondaar openlik aan die Gemeente te kenne gegee word, waarin</p> <ul style="list-style-type: none"> • die sondes verduidelik word, • asook hoedat ywer aan hom bewys is om reg te maak, deur hom van die Nagmaal af te hou asook menighvuldige 	<p>Inaggenome die redigering van art 76 en 77 gesamentlik, is die orde wesentlik dieselfde. Dordt se redaksie blyk tog die meeste sinryk te wees.</p>	<p>Artikel 77</p> <p>Diegene wat na afhouding van die sakramente [nagmaal]* en na herhaalde vermanings geen teken van boetvaardigheid laat blyk nie, maar hardnekkig in die sonde volhard, moet eindelijk met die laaste tugmiddel, die afsnyding van die gemeenskap van die kerk afgesny word volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is. Die finale afsnyding moet voorafgegaan word deur drie openbare afkondigings daarvan aan die</p>
<p>70</p>				

Afdeling	Kerkorde Dordrecht 1619	Afrikaanse vertaling	verskil	Kerkorde GKSA 2000
	<p>hem aen te spreekende ende voor hem te bidden.</p> <p>Soodanighe vermaningen sullender drie geschieden.</p> <p>Inden eersten / sal den sondaer niet ghenoot worden / op dat hy eenigsins verschoont werde</p> <p>: Inden tweeden / sal met advijs der Classe zijnê name uytgedrukt werden. Inden derden / salmen de Gemeente te kennen gheven / dat men hem / ten zy dat hy hem bekeere / vande ghemeenschap der Kercken uytsluyten sal / op dat zijn afsnydinge /soo hy hartneckigh blijft / met stilswijgende bewillinge der Kerckê geschiede. Den tijdt tusschen de vermaninge sal int oordeel des Kercken-Raets staen.</p>	<p>vermanings,</p> <ul style="list-style-type: none"> • en sal die gemeente vermaan word om hom aan te spreek, en vir hom te bid. <p>Daar sal drie sulke vermanings plaasvind.</p> <ul style="list-style-type: none"> • In die eerste sal die naam van die sondaer nie genoem word nie, sodat hy enigsins gespaar word. • In die tweede sal met advies van die klassis sy naam bekend gemaak word. • In die derde sal aan die gemeente te kenne gegee word, dat hulle hom - tensy dat hy hom bekeer - van die gemeenskap van die kerk gaan uitsluit, sodat sy afsnyding, indien hy hardnekkig bly, met stilswyende bewilliging van 		<p>gemeente, waarin vermeld moet word wat die oortreding van die sondaer is, dat daar veel arbeid aan hom bestee is deur bestraffing, afhouding van die sakramente en menigvuldige vermaninge en dat hy hom nie bekeer het nie. In hierdie afkondiging moet die gemeente opgewek word om met die sondaer te spreek en vir hom te bid. By die eerste afkondiging moet die naam van die sondaer, om hom enigsins te spaar, nie genoem word nie. By die tweede moet met advies van die klassis ook sy naam genoem word. By die derde moet aan die gemeente bekend gemaak word dat die sondaer, as hy hom nie bekeer nie, van die gemeenskap van die kerk afgesny sal word, sodat sy afsnyding met die stilswyende bewilliging van die gemeente kan plaasvind as hy hardnekkig bly. Die kerkraad bepaal die tyd wat vir elke afsonderlike geval tussen die drie afkondiginge moet</p>

Afdeling	Kerkorde Dordrecht 1619	Afrikaanse vertaling	verskil	Kerkorde GKSA 2000
		<p>die gemeente geskied.</p> <p>Die tyd tussen de vermanings sal aan die oordeel van die kerkraad gelaat word.</p>		<p>verloop.</p> <hr/> <p>* Hierdie gedeelte is verander deur die Nasionale Sinode 1997, en moet nog goedgekeur word deur die Algemene Sinode</p>
Kerklike Tug	<p>Artikel 78</p> <p>Wanneer yemandt / die gheexcommuniqueert is / hem wederom wil versoenen met de Gemeente door boetvaardicheyt : Soo sal het selfde voor de handelinghe des Avontmaels / ofte andersins nae gheleghentheyte / te vooren de Gemeente aengeseyt werden / ten eynde hy ten naestcomenden-Avontmale (soo verre niemant yet weet voort te brenghen ter contrarie)</p>	<p>Artikel 78</p> <p>Wanneer iemand, wat verban is, hom weer wil versoen met die gemeente deur boetvaardigheid, sal dit voor die bediening van die nagmaal, of andersins op 'n geskikte geleentheid, tevore aan die gemeente meegedeel word, sodat hy by die eersvolgende Nagmaal - indien niemand 'n beswaar voort bring tot die teendeel nie - openbaar met betuiging van sy bekeering weer opgeneem word, volgens die formulier daarvan is.</p>	<p>Wesentlik dieselfde</p>	<p>Artikel 78</p> <p>As iemand wat afgesny is hom weer deur boetvaardigheid met die gemeente wil versoen, moet dit — voor die viering van die Heilige Nagmaal, of anders wanneer dit geleë is — tevore aan die gemeente bekend gemaak word, sodat hy by die eersvolgende nagmaal, as niemand daarteen beswaar inbring nie, openlik met betuiging van sy bekering weer opgeneem kan word volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is.</p>
72				

Afdeling	Kerkorde Dordrecht 1619	Afrikaanse vertaling	verskil	Kerkorde GKSA 2000
	openbaerlijck met professie zijner bekeeringe weder opgenomen werde / volgende het formulier daer van zijnde.			
Kerklike Tug	<p data-bbox="414 438 548 470">Artikel 79</p> <p data-bbox="280 542 672 1316">Wanneer de Dienaers des Goddelijcken woorts Ouderlingen ofte Diakenen een openbare grove sonde bedrijven / die der Kercke schandelijck / ofte oock byder Overheyt straf-weerdigh is / sullen wel de Ouderlingen ende Diakenen terstont door voorgaende oordeel des Kercken-Raets der selver ende der naest gheleghener Gemeente van haren dienst afgeset / maer de Dienaers opgeschort worden. Maer of sy geheel vanden dienst af te setten zijn / sal int oordeel der</p>	<p data-bbox="862 438 996 470">Artikel 79</p> <p data-bbox="694 542 1153 805">Wanneer die bedienaars van die Goddelike Woord, ouderlinge of diakens enige openbare growwe sonde bedryf, wat in die Kerk skandelik, of oock by die regering strafwaardig is,</p> <ul data-bbox="739 869 1153 1332" style="list-style-type: none"> • sal wel die ouderlinge en diakens dadelik na 'n voorlopige oordeel van die kerkraad en die naaste gemeente van hul diens afgesit word, • maar die Woordbedienaars sal geskors word. Maar of hulle heeltemal van die diens afgesit moet word, sal aan die oordeel van die klassis 	<p data-bbox="1176 566 1556 598">Per implikasie wesentlik dieselfde.</p>	<p data-bbox="1836 438 1971 470">Artikel 79</p> <p data-bbox="1646 542 2150 1316">As ampsdraers 'n openbare growwe sonde bedryf wat in die kerk skandelik of oock by die owerheid strafbaar is, moet hulle deur die kerkraad dadelik voorlopig in hul amp geskors word; ouderlinge en diakens moet dan deur die kerkraad en 'n naburige kerkraad of deputate van twee naburige kerkrade in hulle amp geskors of daarvan afgesit word. Bedienaars van die Woord moet deur die kerkraad en deur die naburige kerkraad of deputate van twee naburige kerkrade egter net geskors word, waarna die klassis met advies van die deputate van die partikuliere sinode oordeel of hulle heeltemal uit hulle amp afgesit moet</p>
73				

Afdeling	Kerkorde Dordrecht 1619	Afrikaanse vertaling	verskil	Kerkorde GKSA 2000
	Classe staen.	onderworpe wees.		word.
Kerklike Tug	<p>Artikel 80</p> <p>Voorts onder de grove sonden die weerdigh zijn met opschortinghe ofte afstellinghe vanden dienst ghestraft te worden / zijn dese de voornaemste. Valsche Leere of Ketterije : openbare scheur-maeckinghe : opentlijke blasphemie : Symonie: troulose verlatinge zijns diensts / ofte indringinge in eens anders dienst : Meyneedicheyt : Eebreuck : Hoererijs / Dieverijs / gewelt / gewoonlijcke dronckenschap / vechterijs / vuyl ghewin : Cortelijck alle de sonden ende grove feyten die den Autheur voor de Werelt eerloos</p>	<p>Artikel 80</p> <p>Voorts, onder die growwe sondes, wat waardig is om met skorsing of afsetting van die Diens gestraf te word, is hierdie die vernaamste: valse leer of kettery, openbare skeurmakery, openlike godslastering, simonie, trouelose verlating van sy diens of indringing in 'n ander se diens, meineed, egbreuk, hoerery, diefstal, geweld, gewoontedronkenskap, vegtery, vuil gewin: kortom al die sondes en misdade wat die bedrywer by die wêreld eerloos maak, en wat in die geval van enige ander lidmaat van die kerk afsnydingswaardig gereken sou word.</p>	<p>Wesentlik dieselfde. Die slotsin van Dordt - “en wat in die geval van enige ander Lidmaat van die Kerk afsnydingswaardig gereken sou word” - behoort onverswak gehandhaaf te word.</p>	<p>Artikel 80</p> <p>Onder die growwe sondes wat skorsing in of afsetting uit die diens verdien, is die volgende die vernaamste: valse leer of kettery, openbare skeurmakery, openbare godslastering, simonie, trouelose verlating van die diens of indringing in die diens van 'n ander, meineed, egbreuk, hoerery, diefstal, geweldpleging, gewoontedronkenskap, vegtery, onregverdige winsbejag — kortom al die sondes en misdade wat die bedrywer by die wêreld en die kerk eerloos maak.</p>
74				

Afdeling	Kerkorde Dordrecht 1619	Afrikaanse vertaling	verskil	Kerkorde GKSA 2000
	maeckê / ende in een ander gemeen Lidtmaet der Kercken der af-snijdinghe weerdigh souden gherekent werden.			
Kerklike Tug	<p style="text-align: center;">Artikel 81</p> <p>De Dienaeren des Woords / Ouderlingen ende Diakenen sullen onder hen de Christelijcke Censuere oeffenen / ende malcanderen vande bedieninghe hares Ampts vriendelijck vermanen.</p>	<p style="text-align: center;">Artikel 81</p> <p>Bedienaars van die Woord, ouderlinge en diakens sal onder mekaar die Christelike sensuur uitoefen, en mekaar oor die bediening van hulle amp vriendelik vermaan.</p>	<p style="text-align: center;"><i>Wesentlik dieselfde</i></p>	<p style="text-align: center;">Artikel 81</p> <p>Die bedienaars van die Woord, die ouderlinge en die diakens moet onder mekaar die Christelike sensuur uitoefen en mekaar oor die bediening van hulle amp vriendelik vermaan.</p>
	<p style="text-align: center;">Artikel 82</p> <p>Den ghenen die uyt der Gemeente vertrecken / sal een attestatie ofte getuyghenis hares wandels by advijs des Kercken-Raedts mede</p>	<p style="text-align: center;">Artikel 82</p> <p>Aan diegene wat uit die gemeente vertrek, sal 'n attestatie of getuienis van hulle wandel ooreenkomstig die advies van die kerkraad saamgegee word,</p>	<p style="text-align: center;"><i>Per implikasie, wesentlik dieselfde.</i></p>	<p style="text-align: center;">Artikel 82</p> <p>Aan diegene wat uit die gemeente vertrek, moet die kerkraad 'n attestasie (getuienis) van hulle belydenis en wandel saamgee wat deur twee van sy</p>
75				

Afdeling	Kerkorde Dordrecht 1619	Afrikaanse vertaling	verskil	Kerkorde GKSA 2000
	<p>gegeven werden onder den Zegel der Kercken / ofte daer geen Zeghel en is / van tweek ondteteeckent.</p>	<p>onder die briefhoof van die Kerk, of, waar geen briefhoof is nie, dan deur twee van sy lede ondteteecken.</p>		<p>lede ondteteken is.</p>
	<p style="text-align: center;">Artikel 83</p> <p>Voorts sal den Armen / om genoeghsame oorsaecken vertreckende / vanden Diakenen bystandt ghedaen worden / na discretie / mits aenteteeckenende opdê rugge van hare Attestatie de plaetsen daerse henen willen / ende de hulpe diemen haer sal ghedaen hebben.</p>	<p style="text-align: center;">Artikel 83</p> <p>Voorts sal aan die armes, wat om gegronde oorsake vertrek, vanaf die diakens bystand verleen word, volgens hulle oordeel, terwyl hulle op die rugkant van hulle attestatie die plekke aanteken waar die armes heen wil gaan, en die hulp wat aan hulle verleen is.</p>	<p>Wesentlik dieselfde. Die detail van Dordt lyk sinvol te wees om te behou.</p>	<p style="text-align: center;">Artikel 83</p> <p>Aan armes wat om gegronde redes uit die gemeentes vertrek, gee die diakens soveel middele as wat hulle nodig oordeel en hulle pleeg oorleg oor die verdere versorging met die diakens van die gemeente waarheen die armes vertrek het.</p>
76				

Afdeling	Kerkorde Dordrecht 1619	Afrikaanse vertaling	verskil	Kerkorde GKSA 2000
	Artikel 84	Artikel 84		Artikel 84
	<p>Geen Kercke sal over andere Kercken / geen Dienaer over andere Dienaren / geen Ouderlingh noch Diaken over andere Ouderlingen ofte Diakenen eenighe heerschappye voeren.</p>	<p>Geen kerk sal oor ander kerke, geen woordbedienaar oor ander woordbedienaars, geen ouderling of diaken oor ander ouderlinge of diakens eenige heerskappy voer nie.</p>	Wesentlik dieselfde	<p>Geen kerk mag oor ander kerke, geen bedienaar van die Woord oor ander bedienaars van die Woord, geen ouderling oor ander ouderlinge en geen diaken oor ander diakens enige heerskappy voer nie.</p>
	Artikel 85	Artikel 85		Artikel 85
	<p>In middelmatighe dinghen salmen de buyten-Landsche Kercken niet verwerpen / die een ander ghebruyck hebben dan wy.</p>	<p>In middelmatige dinge sal die buitenlandse kerke nie verwerp word, wat 'n ander gebruik het as ons nie.</p>	Wesentlik dieselfde.	<p>In middelmatige dinge moet die buitelandse kerke by wie ander gebruike as by ons in swang is, nie veroordeel word nie.</p>

Afdeling	Kerkorde Dordrecht 1619	Afrikaanse vertaling	verskil	Kerkorde GKSA 2000
	Artikel 86	Artikel 86	Wesentlik dieselfde	Artikel 86
	<p>Dese Artijckelen / de wettelijcke Ordeninghe der Kercken aengaende / zijn alsoo ghestelt ende aenghenomen met gemeyn accoordt / datse (soo het profijjt der Kercken anders vereyschte) verandert / vermeerdert ofte vermindert mogen ende behooren te worden. Ten sal nochtans gheen bysondere Gemeente / Classe ofte Synode toestaen sulcx te doen / maer sullen neersticheydt doen om die te onderhouden / tot dat anders vande Generale ofte Nationale Synode verordent wort.</p>	<p>Hierdie artikels, aangaande die wettige orde van die kerke is sodanig opgestel en aangeneem met gemene akkoord sodat hulle, indien die welsyn van die kerke anders vereis, verander, vermeerder of verminder mag en behoort te word. Dit sal nogtans geen besondere gemeente, klassis of sinode vrystaan om dit te doen nie, maar hulle sal hul beywer om dit te onderhou, totdat anders deur die algemene of nasionale sinode verorden word.</p>		<p>Hierdie artikels wat betrekking het op die wettige orde van die kerk, is so opgestel en aangeneem met algemene stemme dat hulle, as die belang van die kerk dit anders vereis, verander, vermeerder of verminder kan word en behoort te word. Geen besondere kerk, klassis of sinode het egter die reg om dit te doen nie, maar hulle moet hul daarop toelê om dit te onderhou, totdat die algemene sinode anders verorden, nadat geleentheid vir advies deur die kerke gegee is deur middel van die onderskeie nasionale sinodes.</p>